# BUFFALO HUNT COMPETITION
## Dream prize in Mozambique!

See Page 13

## WIN!
Five-day hunt in Coutada 11, all costs included, valued at over
**R600 000!**

Die tydskrif vir die jagter en bewaarder / The magazine for the hunter and conservationist

# JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
# HUNTER




Verjaag die winterkoue met **OSSO BUCCO**

**A TRAPDOOR CARBINE HUNTS AGAIN**

**Waarom moet ons vroulike diere jag?**

**Blesbok-kaskenades**

**LEEUS EN LOOPMAE**

**Hunting – Of fathers and daughters**

**TELESKOPE IN DIE JAGVELD**

**PRODUKTOETSE**

Leica Geovid R 10x42 afstandtaster-verkyker

Vortex Venom-teleskoop

## EVERYTHING ABOUT THE SAVAGE 110 IN 6.5 PRC

UITGAWE • EDITION
JUNIE/JUNE 2023
NO. 05003
RSA R80.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N$80.00
05003
9 770259 935002



RELENTLESS PERFORMANCE
VX-5HD
RELENTLESS DURABILITY
Two-Turn ZeroLock (CDS-ZL2)
Ultra-lightweight construction disperses recoil energy for unrivalled durability
Eliminates accidental dial movement with the push-button ZeroLock system
Motion Sensor Technology (MST)
Fast-Focus eyepiece
Superior ruggedness
30mm main tube
5:1 zoom ratio
Guard-Ion lens coating sheds dirt and water for clear, crisp images
Waterproof, fogproof, and guaranteed to perform for life
FireDot illumination creates a visible aiming point in low-light conditions
Twilight Max HD Light Management System helps you see more in less light
LEUPOLD
LEUPOLD FULL LIFETIME GUARANTEE
FORMALITO
OUTDOOR SPORTING BRANDS
Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 - 7793/4

# INHOUD JUNIE - JUNE 2023


JAGTER HUNTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN

**ALGEMENE NAVRAE**
**084-554-0611** (kantoorure)

**WEBTUISTE**
***www.sajagterhunter.com***

**REDAKSIE**
**REDAKTEUR**
Francois van Emmenes
*francois@sahunter.org*
**SUBREDAKTEURS**
Elfriede Ainslie (Taalversorging)
*elfriede@sahunter.org*
Marisa Beeton (Taalversorging, webblad en sosiale media)
*marisa@sahunter.org*
**KUNSREDAKTEUR**
Marthie van Dyk
*marthie@sahunter.org*
**KOS-SUBREDAKTEUR**
Karla Janse van Vuuren
**SPESIALISBYDRAERS**
Herman Jonker, Kassie Kasselman, Prof. Brian Reilly, Pierre van der Walt, Johan van Wyk, Cassie Nienaber, Rean Steenkamp, Thinus Steyn

**ADVERTENSIES**
**ADVERTENSIEKONSULTANT**
Anandi Boshoff Tel: 084-493-5497
*ads@sahunter.org*
**JAGTERSMARKKONSULTANT**
Gail Osborne Tel: 084-432-1306
*ads@sahunter.co.za*

**INTEKENARE**
**INTEKENARE**
George Grobler
Tel: 087-353-1291
WhatsApp: 087-353-1292
E-pos: *SAHunter@onthedot.co.za*
**SAJWV-LEDE**
Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300
E-pos: *michel@sahunt.co.za*
**RAKVERKOPE**
Tommy Chapman
Tel: 011-713-9879
E-pos: *tommy.chapman@media24.com*

**UITGEWER**
Theuns Venter
E-pos: *tgventer01@outlook.com*
**SIRKULASIEHOOF**
André van Tonder
**KATEGORIEBESTUURDER**
Tommy Chapman

**DRUKKER**
**SA JAGTER/HUNTER word gedruk deur CTP Printers Kaapstad**

**UITGEWER EN VERSPREIDING**
**UITGEWER:**
SA Hunt Publishing (Pty) Ltd.
('n divisie van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging)

**VERSPREIDER:**
On the Dot, 'n divisie van Naspers.



© Kopiereg ***SA JAGTER/HUNTER.*** Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.





**COVER:**
**Rifle:** Savage Model 110 Tactical Desert in 6.5 PRC. Read more on p 14.
**Red hartebeest:** Photo: Lloyd Munday.

## RUBRIEKE


**4** ONDER DIE KAMEELDORING/ UNDER THE CAMEL THORN

**6** BOSPOS

**8** SNELVUUR

**11** SMS-KOMPETISIE

**12** DOOIERUS – HOE LYK DIT – IS JY 'N JAGTER?

**24** KAMPVUURSTORIES MET KRISJAN EN KRUIWA – VET FAAN EN DIE SLANG

**40** KARLA SE KOMBUIS – VERJAAG DIE WINTERKOUE MET OSSO BUCCO

**48** BOKSPOG

**70** IN DIE HERLAAIKAMER/ IN THE RELOADING ROOM


## OM TE WEET


**56** ROOFKOPIE


## COVER STORY


**14** **SAVAGE MODEL 110 TACTICAL DESERT IN 6.5 PRC**
FRANCOIS VAN EMMENES


## ARTIKELS


**20** **WAAROM MOET ONS VROULIKE DIERE JAG?**
Dis nie altyd die grootste bulle of ramme wat op die jagter se inkopielys hoef te wees nie.
JOHAN VAN WYK

**26** **BLESBOKKASKENADES**
'n Spesiale voorsitjag in die Suid-Vrystaat.
PIETA OOSTHUIZEN

**30** **ONE LAST HUNT FOR AN OLD LEGEND 1873 TRAPDOOR CARBINE**
Old U.S. warhorse meets African blue wildebeest.
THOMAS MONTGOMERY

**36** **AN EXTRAORDINARY HIPPO HUNT: PART 2**
From rogue hippo to children's friend.
RON THOMSON

**50** **TELESKOPE IN DIE JAGVELD**
Van elande, hoëvergroting-teleskope en *duct tape*....
THINUS STEYN

**56** **OF FATHERS AND DAUGHTERS**
Sharing a passion for hunting with your family is a huge privilege.
CHARLES LANCE

**62** **LEEUS EN LOOPMAE**
'n Omgekrapte leeuwyfie, 'n loopmaag en 'n Duitse doedie wat haar lyf luislang hou...
PIERRE VAN DER WALT

**68** **OOR HONDE EN WILDEMAKOUE**
'n Spanjoel met "skaaphondgene" is makoue se moses.
KOBUS DE KOCK


## SAHGCA


**46** SAHGCA PHOTOGRAPHY CLUB


## PRODUKTOETSE


**34** **LEICA GEOVID R 10x42 AFSTANDTASTER-VERKYKER**
FRANCOIS VAN EMMENES

**66** **VORTEX VENOM 5-25x56-TELESKOOP**
FRANCOIS VAN EMMENES






Deur FRANCOIS VAN EMMENES

# IS JY REG VIR DIE SEISOEN?

Ons is al 'n hele maand in die jagseisoen in. Ek hoop julle het al die ketties hulle werk laat doen en dat die eerste biltongsnitte en geurige droëworsies hang. Ek was bevoorreg om gedurende Mei naby Bethulie op 'n pragtige plaas te jag, en al het ongure weer (en welkome reën) ons jag effe kortgeknip, was ek dankbaar om weer in die veld te wees. My eie buit het ook onder die ongure weer deurgeloop en ek moes tevrede wees met 'n springbokooi, 'n kombuis-vlakvarksoggie en 'n mooi vlakvarkbeer. Die Van Emmenesies het darem genoeg om ons deur te trek tot die volgende jag in terme van wors, maar die biltong sal moet wag tot later in die seisoen.

Ons eerste middag ná die lang rit uit Gauteng is op die skietbaan deurgebring. Die groep was redelik groot en die manne het elk verskeie gewere saamgebring – wat natuurlik almal eers die baantoets moes slaag. Ná my swaer se vele skote met sy nuwe geweer-en-teleskoop-kombinasie het ek spottenderwys gevra of alles wel is en of hy dalk baie ammunisie verniet gekry het. Die geweer, waarvan hy baie onlangs besit geneem het, wou nie groepeer nie. 'n Vinnige kyk het bevestig dat sy teleskoop los was. Binne minute was hy weer op teiken en gelukkig. 'n Ander jagmaat se nuwe teleskoop was verkeerd gemonteer, wat ook probleme veroorsaak het, maar ons kon dit ook vinnig regstel. Toe ek verstellings aan my eie .243 Ackley maak, het daar niks gebeur nie – die horisontale verstelknop (van 'n ou dog uitstekende Leupold) wou nie meer saamwerk nie. Hieroor kan ek nie kla nie – die geweer met teleskoop het duisende skote deur hom en is oor die afgelope 20 jaar aan vele harde oomblikke blootgestel.

Die les geleer? Versien jou toerusting, al is dit splinternuut uit die boks en veronderstel om mooi te werk. Ek het saggies vir myself gelag toe ek dink hoe ek twee aande voor die jag na my "paklysie" begin kyk het en salig die "ekstra teleskoop"-item geïgnoreer het. Ek moes my springbokkie met my swaer se .243 jag...

Baie van ons se tyd in die veld is maar kort en die jagtrippies minder as gewoonlik. 'n Jag kan vinnig bederf word deur vele faktore, maar een ding waaroor ons tot 'n groot mate beheer het, is ons toerusting. Gaan joune vroegtydig voor jou jag na. Ammunisie, teleskoop en basisskroewe en boute, borgskroewe, en dies meer. Pap teleskoop- en afstandtasterbatterye, 'n gebreekte skoenveter en oorhaastig pak het ook al tot ergernis in die jagveld gelei. Neem daardie ekstra tyd en doen die moeite om alles mooi na te gaan, asook in te pak.

Ek hoop julle jag lekker dié seisoen en koester die tyd in die veld saam met familie en vriende. En as jy verkies om alleen te jag, geniet dit net soveel!

Tot volgende keer!

Francois

SPRINGFIELD ARMORY

# MODEL 2020 WAYPOINT



## DEFEND YOUR LEGACY



### CUSTOM FEATURES

- Integral machined recoil lug.
- Electrical discharge machining (EDM) of the bolt lug raceways.
- Enlarged ejection port.
- Sliding extractor.
- Hybrid dual-plane feed ramp.



### LESS TALK, MORE ACTION

- Dual locking lugs on the fluted bolt.
- Fluted bolt runs smoothly down EDM raceways.
- Provides perfect and repeatable engagement.
- Optimized extraction cam for robust and reliable extraction in any condition.
- Dual cocking cams for ease of operation.
- Toolless disassembly for maintenance.




### TRIGGERTECH TRIGGER

- Trigger from TriggerTech.
- Low-profile, non-snag safety.
- Frictionless Release Technology™.
- Adjustable from 2.5 – 5 pounds.
- Patented, free-floating roller for a crisp, clean, and repeatable pull.



### CARBON FIBER STOCK

- Hand-laid stock made from 100% carbon fiber.
- Pillar bedded for perfect marriage to the action.
- Weight as low as 6 lbs. 9 oz.
- Strikes a balance between strength and mobility.

.75 MOA GUARANTEE

Available at SAFARI OUTDOOR



# BOSPOS

## ONS WIL VAN JÓÚ HOOR!

Briewe van ons lesers is vir ons belangrik. Jou insette en opinies, wedervaringe in die jagveld en interessante stories of nuus is altyd welkom, asook jou kommentaar op die tydskrif se inhoud. Stuur jou brief aan ***marisa@sahunter.org*** en staan 'n kans om 'n geskenkbewys ter waarde van R1 000 van **Safari Outdoor** te wen! Hou jou brief verkieslik onder 300 woorde en verskaf asseblief jou naam en kontakbesonderhede. **SA JAGTER/HUNTER** behou die reg voor om briewe te redigeer en te verkort.

WINNING LETTER

## CHURCHILL "XXV" SHOTGUN

Dear Francois

It was with great interest that I read your "Under the camel thorn" in the May 2023 edition of SA JAGTER/HUNTER magazine.

You wrote about the book you recently purchased, *The House of Churchill*, by Don Masters. You also wrote about Churchill's iconic "XXV" side-by-side shotgun with the 25" barrels, which was controversial at the time these shotguns were initially made in Britain in the early 1900s.

Herewith a brief summary of Churchill Gunmakers and the "XXV" from the Internet: "EJ Churchill Gunmakers was established in 1891 by Edwin John Churchill, who set up a workshop in London at 8 Agar Street, the Strand. In 1899 Edwin was joined by his nephew, Robert Churchill. Edwin was a renowned pigeon shot who used this experience, along with his gun-making skills, to make and fit pigeon guns for clients. Robert took over the business in 1910 and began designing short, lightweight, fast-handling shotguns, which allowed sportsmen to make good shots on fast-moving birds. Their trademark 'XXV' or 25" barrels quickly became popular throughout England and beyond. High quality was found even in the 'Utility' models produced by E.J. Churchill. From the excellent finish, positive ejection, beautiful wood, and elegant engraving, the Churchill XXV 'Utility' shotgun is a real head-turner and shoots as good as it looks."




When I turned 40, my father-in-law kindly gave me *The House of Churchill* book as a birthday gift. Since a young age, I have always had an interest in old rifles and shotguns, and I really love the old British shotguns. Before reading this book, I had never really heard of Churchill shotguns. However, upon reading the book, I struck up an interest in these beautiful shotguns.

From time to time in the past (as I tell my wife, certainly not now…), I looked on the Internet, in gun shops, at auctions, etc., for old shotguns. Lo and behold, about three years ago, I found a Churchill XXV Utility Model advertised for sale at a gun shop in Cape Town. As I live in Pretoria, a few weeks passed before I managed to get down to Cape Town to visit my two aunts there. On the way from the airport to my aunts' house, I happened to go past the gun shop in question to look at the old Churchill. Thankfully, it was still there and for sale. My excitement grew as the shop owner went downstairs to fetch the shotgun from the safe. I was really happy to see that it came in its original leather Churchill gun case. It was in good condition and had shiny barrels with no pitting. The lock-up was tight, and being a relatively short person, it fit me like a glove. It had a pretty stock made of high-grade walnut. It was also on sale for a reasonable price, so I did not hesitate to buy it.

The licensing process took almost a year, and once I received my firearm licence, I finally held my Churchill XXV in my hands at my home in Pretoria. When reading the book, I never thought I would own a Churchill shotgun, and here I was holding my own!

I really love that shotgun – it fits me perfectly and one can tell that it was built by Churchill's master gunsmiths. I just wish it could tell me the stories of its life – how it got to South Africa, who owned it, what game bird and waterfowl shoots it had been on…

There is no doubt that there are more Churchill shotguns out there in South Africa. If any of the readers have one or know of somebody who does, please let us know and also tell us the shotgun's story. Francois, I look forward to showing you my Churchill XXV and learning more about these fine shotguns. I also look forward to many fond memories in the veld with it.

Thank you for a wonderful magazine. I always look forward to receiving my SA JAGTER/HUNTER magazine and reading it from cover to cover.

Best wishes

**CHRIS FELL, IRENE**

** Chris Fell is the winner of the Safari Outdoor gift voucher. Congratulations Chris!*



## KNALDEMPERS

Beste Francois

Eerstens, dankie vir 'n puik tydskrif! In die verlede het SA JAGTER/HUNTER 'n uitskiettoets tussen verskillende knaldempers gedoen en die resultate gepubliseer. Dit is nou al 'n paar jaar gelede en die industrie (veral die plaaslike vervaardigers) het sedertdien drasties verbeter. Wat is die kanse dat julle weer so iets kan doen?

Dinge wat vir my en my jagtersgroep van belang sal wees, is lengte (totaal en ekstra voor die loop), gewig, klankvlak gemeet voor by die loop en by die skut se oor, terugskop (met en sonder enige bykomstighede soos bv. 'n steller *[tuner]* en vlambreker *[muzzle brake]*), en natuurlik die plaaslike aanbevole kleinhandelsprys, plus wat ook al julle kan byvoeg. Verskaf asseblief 'n rangordewaarde vir elke kategorie, anders moet ons ná die tyd al die data herskep om dit self te doen.

Kan julle dalk so iets uitspattigs oorweeg? Ons probleem is dat baie jagplase nou begin aandring op knaldempers en alhoewel ek glad nie my Bloemfontein Musgrave (7x57 Mauser en .308 Win, beide 40-plus jaar oud) se korrel wil verwyder nie (dit lyk net meer na 'n GEWEER daarmee!), gaan ek dit op 'n stadium móét doen en ek wil nie daarmee rondspeel nie. Aangesien behoeftes verskil, sal so 'n toets nie veroorsaak dat alle geweereienaars uitstorm en dieselfde eenheid koop nie.

Groete

**PIERRE TALJAARD**

*Pierre, jy het voorwaar 'n goeie voorstel. Die laaste toets kry steeds verskeie navrae van lesers en dit is hoog tyd dat ons dit weer doen. Dit is vir seker so dat al hoe meer plase vereis dat die jagter se geweer 'n knaldemper moet hê. Wat die werklike voordeel is vir die plaas se bokke in terme van makheid betwyfel ek baie sterk, maar ek is nie 'n wildboer nie. Ek self verpes knaldempers bloot omdat dit my getroue ou gewere na moderne baangewere laat lyk, maar met erge gehoorverlies in beide my ore weens jare se skiet het ek ook geen ander keuse gehad as om een of twee van my gewere met (plaaslike) knaldempers toe te rus nie. Lesers kan my gerus per e-pos kontak en hul gunstelingvervaardiger vir so 'n toets aanbeveel. – Red.*



# SNELVUUR

KORTLIKS ▸ NUUS ▸ INTERESSANT OM TE WEET ▸ BEWARING ▸ JAG

KOMPETISIE

## VOORBLADFOTO-KOMPETISIE





### Skiet ons voorblad met jou kamera en wen opwindende pryse!

SA JAGTER/HUNTER is altyd op soek na goeie foto's vir ons voorblad. In hierdie uitgawe loods ons 'n splinternuwe kompetisie waar jou foto op die voorblad kan pryk, plus 'n lekker prys. Voorbladonderwerpe hoef nie noodwendig spesies te wees wat nie normaalweg gejag word nie, maar foto's van byvoorbeeld muise of slange sal nie by die tydskrif se tema inpas nie.

Die voorbladfoto wat jy instuur, moet 'n resolusie van ten minste 300 dpi hê. Dit moet in portretformaat *(portrait)* wees, met 'n afmeting van 23 cm x 28 cm, of 'n ratio van naastenby 4:5. Foto's moet groter as 2 MB wees, maar kleiner as 8 MB.

Vir 'n tipiese voorbladuitleg sal die foto-onderwerp ongeveer in die middelste derde horisontaal, asook vertikaal wees. Die onderwerp moenie minder as 15% (effens meer as $^{1}/_{6}$de van die bladsy) en nie meer 25% van die totale foto opneem nie. Skiet dus wyd met jou kamera, moenie te naby inzoem nie en moenie die agtergrond sny *(crop)* as jy die foto redigeer nie. Ons het redelik spasie nodig bo, onder, links en regs om die voorbladprikkels te plaas. Die tydskrif se mashoof (naam) en uitgawenommer verskyn altyd op dieselfde plek. Sien die meegaande grafiese voorstelling om jou 'n beter idee van al die afmetings te gee.

Die beste voorbladfoto's is dié met 'n vervaagde *(blurred)* agtergrond en wat nie te bont of besig is nie. Die dier se kop en horings kan byvoorbeeld ook alleen die onderwerpspasie vul en die lyf en bene kan buite die onderwerpspasie val, solank teks bo-oor dit leesbaar sal wees. Foto's wat voorheen deur enige ander tydskrif of sosialemedia-platform gepubliseer is, kan ongelukkig nie gebruik word nie – dit moet oorspronklike, nuwe materiaal wees. Foto's wat in die verlede geneem is, is dus ook welkom mits dit nie voorheen gepubliseer was nie.

**Stuur jou inskrywing aan die redakteur Francois van Emmenes by *francois@sahunter.org***




FUTURE TEST REPORT

## LEICA CALONOX SIGHT SE

### Premium thermal imaging for riflescopes



The new Leica Calonox Sight SE thermal imaging device offers all the features a demanding hunter needs. Without compromising on quality, technology or service, the Leica Calonox Sight SE is available at an attractive price, and the modern thermal camera from Leica focuses on the essentials. Compared to the proven Leica Calonox Sight, the SE version comes with a few differences: the additional convenience of wireless connectivity via Bluetooth has been dispensed with, the scope of delivery has been reduced, and it is primarily designed as a clip-on device. All the important settings can be made quickly and easily directly on the Leica Calonox Sight SE.

**Watch out for the test report in an upcoming issue of SA JAGTER/HUNTER.**




Uitstallers en besoekers by HuntEx. Die moeite wat uitstallers met hul stalletjies gedoen het, was opvallend.




Die SA JAGTER/HUNTER-span by HuntEx2023. Vlnr: Spesialisbydraer Thinus Steyn en sy vrou Sanet, die redakteur Francois van Emmenes en spesialisbydraer Rean Steenkamp.

# HuntEx 2023 – Die beste ooit!

Covid-19 het sy tol op vele terreine geëis. Behalwe die kansellasie van HuntEx weens die verbod op publieke byeenkomste, het dit 'n amper onvoorsiene nagevolg gehad. Wêreldwye aanbodkettings, veral die vervoerketting, was en is nog steeds nie dieselfde nie. Vervoerpryse het die hoogte ingeskiet (dis nou ás jy 'n skip kon kry wat dryfmiddel en ammunisie sal vervoer...). Dit het 'n beduidende impak op verlede jaar se HuntEx-skou gehad. Tog was HuntEx2022 volgens my steeds 'n groot sukses. In 2022 was voorraad in terme van gewere, herlaaikomponente, ammunisie, en dies meer, uiters beperk. Dit het vele uitstallers genoodsaak om nie by HuntEx uit te stal nie. Ek neem hulle nie kwalik nie – wie sal die koste en moeite aangaan om 'n stalletjie te beman as jy nie iets noemenswaardigs het om te verkoop nie? Vir dié wat wel in 2022 daar was, haal ek my hoed af. HuntEx het my nog nooit teleurgestel nie, al was daar groeipyne in die verlede. Dit bly en sal hopelik altyd die vooraanstaande jag-, skiet- en buiteleweskou vir die hele familie in die Suidelike Halfrond wees, en hoewel ons span natuurlik daar uitstal, sal ek dit nooit mis nie.

Hierdie jaar het 'n aansienlike ommeswaai getoon in die uitstal en beskikbaarheid van gewere, herlaaitoerusting en herlaaikomponente soos dryfmiddel, slagdoppies, koeëls en doppe. Daar was ook gewere om van te kies en te keur – jaggewere, langafstand-baangewere en haelgewere, asook alles tussenin. Winskope was volop – ek het vir my 'n nuwe koffiefles aangeskaf teen aansienlik minder as die normale winkelpryse, asook Somchem se S365-dryfmiddel teen slegs R550 'n blik. Die SAJWV-stalletjie was propvol voorraad met alles wat die jagter nodig het. Die gange was ruim en goed belig en almal het spasie gehad. Die uitstallers se moeite met hulle stalletjies het my verstom – ou HuntEx-uitstallers het dit na die volgende vlak geneem wat die uitleg en beligting betref. 'n Mens kon sien die publiek is LUS vir jag en skiet en die verskaffers is reg daarvoor! Ek het met honderde mense uit alle oorde gesels en almal was dit eens dat dit 'n reusesukses was.

HuntEx2024 word beplan vir 26-28 April 2024. Maak sommer nou 'n inskrywing op jou slimfoon se kalender, en as mamma vra of julle kan gaan kamp, kan jy net sê: "Jammer, bokkie, dis HuntEx daardie naweek..." Vir die talle lesers wat kom hallo sê het by SA JAGTER/HUNTER-tydskrif se stalletjie, sê ons baie dankie. Dit is altyd lekker om julle terugvoering te kry en julle stories te hoor. Kom maak gerus weer 'n draai by ons aanstaande jaar!



Afrikan Tanning & Taxidermy het soos altyd 'n puik stalletjie gehad met 'n asemrowende uitstalling van hul taksidermiewerk.



As 'n man moeg is, moet jy slaap! Klein LJ Meyer lê lekker en doedoes met sy nuwe roer oor sy skoot. By hom is pa Pieter, ma Marilize en kleinboet Richardt. HuntEx is die ideale skou vir die hele gesin. Bring gerus vir vroulief en die kinders saam in 2024!

KOMPETISIES



## SPESIALE

## VROUEDAG-KOMPETISIE

In die Nov/Des 2022-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER het ons oor die groeiende aantal vroulike jagters in jagveld berig en die positiewe uitwerking daarvan op die jagbedryf en bewaring. 9 Augustus 2023 is Nasionale Vrouedag en SA JAGTER/HUNTER gaan in die Augustus-uitgawe spesiale erkenning hieraan gee en ons dames bederf. Ons beplan om die hele Bokspog aan damesjagters se foto's te wy en spesiale, ekstra pryse sal vir die wenfoto's op die spel wees. Stuur dus gerus jou jagfoto in van 'n dame en jong dametjie in die veld. (Dit hoef nie by 'n gejagte dier te wees nie; selfs foto's van 'n dame wat haar man of familielede vergesel in die jagveld, om die jagkampvuur, ens., sal in aanmerking kom.) Ons verwelkom ook artikels van die dames oor hul jagavonture. Bydraes moet ons teen 15 Julie 2023 bereik om in aanmerking te kom. Dames, moenie langer wag nie – stuur sommer vandag daardie spesiale artikel, jag- en bosfoto's in!



# WEN MOSAMBIEK-BUFFELJAGKOMPETISIE

## TER WAARDE VAN MEER AS R600 000!

## WÉÉR SA SE GROOTSTE JAGKOMPETISIE OOIT!

Die Mosambiek-buffeljagkompetisie van 2022 was 'n reusesukses. Die wenner, Lawrence Meintjes, en sy vrou Ansu wat vir hom die wenkaartjie gekoop het, was vergesel van SA JAGTER/HUNTER se redakteur en Gert Booyse, eienaar van Rhino Bullets wat 2022 se hoofborg was. Hulle het 'n ongelooflike ervaring meegemaak in Coutada 11 in Mosambiek, die tuiste van Zambeze Delta Safaris (ZDS).

Vanjaar maak ons weer so en die prys is dié keer selfs groter! Ons gaan weer 'n trofee-buffelbul jag, asook 'n trofee-waterbok en 'n trofee-rietbok. *(Die kwaliteit van die waterbokbulle en rietbokramme in die konsessie is ongelooflik – ek het nog nooit so 'n groot konsentrasie van "Rowland Ward"-diere in my lewe gesien nie. – Red.)*

Die jag vind aan die einde van November 2023 plaas en die presiese datums sal later bekendgemaak word wanneer ons span se retoervlugte na Beira bevestig is. Dit bestaan uit vyf dae se jag en ses aande se verblyf in een van ZDS se luukse kampe. Die wenner en sy/haar metgesel se kostes word ten volle gedek vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe – jy daag eenvoudig op met jou klere, kamera, brille en pille, en ons sorg vir die res!

Die helikoptervlugte tussen Beira se lughawe en die kamp is 'n ongelooflike ondervinding – vanuit die lug kan 'n mens die effek van onbeheerde nedersettings asook van die bewaringsareas duidelik sien. Die uitsig is eenvoudig asemrowend – talle troppe diere op die uitgestrekte vloedvlaktes. Die prys sluit ook die volgende in: die gebruik van ZDS se grootkaliber-gewere, alle kos en drank, jagpermitte, trofee-uitvoerpermitte, daaglikse wasgoed, die dienste van uiters bekwame en ervare professionele jagters en die dienste van die vriendelike kamppersoneel.

Verder wag daar op die wenner en sy/haar metgesel 'n geskenkpak met jagklere en ander lekker verrassings – hulle sal ongelukkig moet wag en sien waarmee hulle nóg bederf gaan word! Hulle kan ook uitsien na drie smullekker etes per dag wat deur die kampsjef voorberei sal word: 'n stewige ontbyt met alles wat nodig is vir die "enjinkamer", middagete by die kamp of in die veld, en 'n feestelike driegangmaaltyd elke aand. Die gesellige saamkuier om die kampvuur saans, waar die wenner die dag se jagstories met almal deel, is beslis iets om te beleef. Natuurlik gaan ons ook weer 'n artikel oor hierdie spesiale jag in die Jan/Feb 2024-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER publiseer – iets kosbaars wat die wenner vir sy/haar kleinkinders kan bewaar.

Dit is egter nie al nie... Daar wag nóg 'n groot verrassing op die wenspan met hul aankoms by die kamp. Ons gaan egter nie die geheim verklap nie – al wat ons kan sê, is dat die wenner se metgesel ook liefs 'n paar ure op die skietbaan moet deurbring voor ons vertrek...

Afrikan Tanning & Taxidermy van Bronkhorstspruit borg weer die trofeewerk vir hierdie kompetisie, wat 'n skouermontering van die buffel en skedelmonterings van die waterbok en rietbok insluit.

Die totale waarde van vanjaar se jag beloop R600 000.

Zambeze Delta Safaris jag al sedert 1992 in Coutada 11 in die Marromeu-gebied suid van die Zambezirivier in Mosambiek. Dié ervare jagondernemer is in 2022 as Dallas Safari Club se "*Outfitter of the Year*" aangewys. Die jaggebied bestaan uit meer as 200 000 ha sonder enige heinings en is die tuiste van 'n enorme aantal jagspesies. Spesiale amfibiese voertuie word gebruik om die sowat 25 000 buffels in die moerasse te bereik – 'n onvergeetlike ondervinding en beslis een vir die emmerskoplysie! Lees gerus die artikel oor die 2022-jag in die Jan/Feb 2022-uitgawe van ons tydskrif indien jy dit dalk misgeloop het.

'n Inskrywingskaartjie kos slegs R100 en jy kan soveel koop as wat jy wil. Blaai na bladsy 13 vir die volledige besonderhede of volg die skakel na die veilige webbladinskrywing. Moenie langer wag nie – skryf vandag nog in! JÝ kan die wenner van hierdie droomjag wees!

# WEN!

VIER GELUKKIGE LESERS STAAN DIE KANS OM DIE ONDERSTAANDE PRODUKTE TE WEN:

**SMS 31370**

## HIERDIE MAAND SE PRYSE:

### DENNIS KAPPETIJN-MES

**SMS "KAPPETIJN" MET JOU E-POSADRES NA 31370**





**Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500.**

Vir meer inligting, besoek hul webtuiste by *www.kappetijnknives.com* of kontak ons by **082-923-5639 / 082-968-4242**

**WENNER VAN DIE MAAND:**
**Kevin Kruger**
(Kontak Linita by 082-968-4242 vir jou prys.)

### DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

**SMS "DOVETAIL" MET JOU E-POSADRES NA 31370**



**Twee lesers kan elk 'n ammunisiekissie in die kaliber van hul keuse wen.**

Die Dovetail-ammunisie-kissies word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by **083-257-4041** vir meer inligting. Elke kissie is R525 werd.

**WENNERS VAN DIE MAAND:**
**Jorrie Jordaan**
**Pierre Uys**

**SMS "DOVETAIL", "KAPPETIJN" OF "HAMILTON" MET JOU E-POSADRES NA 31370**

SMS kos R1,50. Die wenners sal telefonies in kennis gestel word. Volledige bepalings en voorwaardes is beskikbaar op ons webwerf by *https://www.sajagterhunter.com/wen/bepalings_en_voorwaardes*

### PROMARK/STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

**SMS "HAMILTON" MET JOU E-POSADRES NA 31370**




**Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerdrag, ens.) kan elke maand gewen word.**

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by *www.stevensonhamilton.co.za.*

**WENNER VAN DIE MAAND:**
**Eugene Fourie**

**Die wenners sal in die volgende uitgawe van SA/JAGTER/HUNTER bekend gemaak word.**

**Die vorige maand se wenner van Exim se 'Big Five AGT5 Filler' en biltongspeserye ter waarde van R3 500 is Riaan van Rensburg. Baie geluk, Riaan!**




## SKRYF VIR SA JAGTER/HUNTER

Die tydskrif verwelkom artikelbydraes van ons lesers oor hul jagervaringe, asook tegniese artikels oor jag, herlaai, gewere en dies meer. Jy hoef nie bekommerd te wees dat jy nie 'n "skrywer" is nie – as jy 'n storie kan vertel, dan kan jy skryf! Ons redaksionele span sal agter die skerms enige moontlike taalkundige foutjies regstel en jou artikel vir publikasie poleer.

**Deel jou stories met ons! E-pos jou artikelidees aan die redakteur by: *francois@sahunter.org***

NUUS

## SA JAGTER/HUNTER-PUBLIKASIEDATUMS

Ons herinner graag ons lesers daaraan dat hulle kan uitsien na 'n maandelikse uitgawe van die tydskrif vir die volgende twee maande – Julie en Augustus. Daarna word dit weer elke twee maande uitgegee. Hou ons sosialemedia-platforms en die e-posnuusbrief dop om op hoogte van die presiese datums te bly.



# HOE LYK DIT – IS JY 'N JAGTER?

Skryf 'n slag oor wat mens moet doen om aanvaar te word as jagter, versoek 'n lat my nou die dag. Hy was blykbaar saam met 'n paar ouer manne op 'n jag en dit het vir hom gevoel asof hulle hom nie ernstig opneem nie. Dit het hom gekrenk dat hulle hom uitlag, vertel hy, veral toe sy sweetpakbroek se naat oopskeur toe hy op die bakkie klim.

Wel mater, daar is 'n paar goed waarop mens maar moet let, ja. Gedrag is seker bo-aan die lys. Maar dan mos darem voorkoms ook. 'n Sweetpak? Jy word miskien nie as 'n jagter beskou nie, want al doen jy wat 'n jagter doen, tel dit nie as jy nie lýk soos 'n jagter moet lyk nie.

Dra jy byvoorbeeld 'n armband van olifantsterthare? Nie? Nou hoe moet mense dan weet jy is 'n gevaarlike jagter? Kry vir jou een! (Linkerpols verkieslik, sodat dit nie straks aan die .223 se slothandvatsel haak wanneer die tarentaal storm nie. En pasop dat die Kongolees wat sulke armbande by die vlooimark verkoop, jou nie kul nie. Party is van gras wat met skoenpolitoer gekleur is, ander is doodgewoon swart plastieklyn. Die toets vir egtheid lê in die reuk wanneer dit brand. Maar jy hoef dit nie eens aan die brand te steek nie. Wanneer jy 'n aansteker uithaal, kan jy sommer aan die Kongolees se reaksie sien of dit die ware Jakob is, want dan weet hy jy weet.)

Kyk, voorkoms ís belangrik. Moet seblief nie daardie ou wees wat met Converse-tekkies en *skinny jeans* en 'n agterstevoor Justin Bieber-kep 'n waterbokbul wil loop jag nie. Jy moet gesién word as 'n jagter, verstaan? Wees eerder soos John Sharp wat vir 'n hele generasie gewys het jy moet jou hemp se moue afsny en 'n riem om jou kop bind as jy 'n buffel wil skiet.

Maar dis nie soseer in die jagveld waar voorkoms belangrik is nie. Daar is dit per slot van rekening net 'n gids en die kwêvoëls wat jou sien, so dit maak nie eintlik saak nie. Dis eerder in die alledaagse omgang dat dit belangrik is om as 'n jagter uit te staan.

Vir 'n begin is 'n dik, bonkige kamoefleerparka natuurlik noodsaaklik. Dis standaardjagtersuniform. Nie alleen maak dit jou onsigbaar op 'n jagbakkie in die winter nie, maar dit pof ook sommer jou borskas en skouers bietjie uit by 'n boeredag of 'n koshuissokkie.

En dan natuurlik 'n pet. Nee, nie 'n breërandhoed met tiervel nie, dan lyk jy soos 'n wildboer vir wie alles om horing gaan. Ook nie 'n laphoed soos skoenlappervangers soos Erns Grundling of Dave Pepler s'n nie. 'n Pet. Maar nie sommer enige pet nie. 'n Pers kunsmiskeppie of iets wat jy by 'n gifsmous of 'n pretloop gekry het, sal byvoorbeeld nie deug nie. Dit moet in *macho*-styl wees, met inskripsies in kriptiese kode. Dink spesmagte of CIA-sluipskutters of helikopter-*gunners* in Afghanistan.

En dan jou ryding. Ry jy 'n kakiekleur Land Cruiser met dik pyptralies en 'n sitkamerstel agterop? Is daar 'n buffelkopembleem op die agterklap? 'n Lisensieskyfplakker van Dallas Safari Club teen die ruit? 'n Gedroogde springbokknatersak oor die rathefboom se knop? Want laat ons nou maar eerlik wees, niemand gaan jou ernstig opneem as jagter as jy met 'n Bantambakkietjie met 'n Barbiepop aan die spieëltjie daar aankom nie.

> Het jy byvoorbeeld 'n sebravel op jou vloer? Of teen 'n muur? Is daar 'n koedoe bo die braai wat vir jou kyk? Het jy 'n olifantpootstoeltjie êrens in jou sitkamer?

En selfs jou huis. Met al die identiteitskwessies deesdae is dit belangrik om duidelik te wys wie jy is. Jou plek kan nie wil lyk soos 'n Biggie Best-katalogus, vol goue spieëls en frille en kaboutergoetertjies in pastelkleure nie. Mense moet kan sien daar bly 'n jágter en nie een of ander binneversierder of teddiebeerversamelaar nie. Het jy byvoorbeeld 'n sebravel op jou vloer? Of teen 'n muur? Is daar 'n koedoe bo die braai wat vir jou kyk? Het jy 'n olifantpootstoeltjie êrens in jou sitkamer? Gordyne met 'n luiperdvelmotief? Maak jy jou gaste se cabernet oop met 'n kurktrekker van vlakvarktand? Skink jy dit in *Big Five*-glase?

Dis ook nie net die uiterlike wat tel nie. Jou manier moet ook strook met dié van 'n jagter. Selfs wanneer jy op 'n Saterdag in Garsfontein sit en TV kyk.

Wanneer jy daar onder die opgestopte koedoekop sit, met jou buffelleerstewels met die *camo*-veters op 'n springbokvelletjie, en 'n krokodilvelbelt aan jou Mossy Oak-aanvalsbroek met twaalf sakke, en 'n leeunael aan 'n riempie om jou nek, moet jy optree soos 'n jagter.

So, as iemand daai slag met jou kom nonsens praat oor rugby of aandelepryse of iets, lê jy jou e-sigaar in die buffelpootasbak neer en dan krap jy kastig droë bloed onder jou vingernaels uit met jou Leatherman se grootste lem, skyn met jou taktiese kriptonflits in die hoeke van die plafon rond en mompel woorde soos "ballisties" en "parallaks" en "wondkanaal". En dan skud jy jou kop en kyk by die venster uit en sê iets soos, "Ai, vandag sou nou 'n goeie dag gewees het om 'n paar goue *grizzlies* te gaan skiet in die Fundumdudziberge, maar die wind staan verkeerd."

En dan skakel jy die TV oor van een Amerikaanse jagkanaal na 'n ander een wat gaan oor kalkoene roep in die Louisiana-moerasse. Daarna skop jy die La-Z-Boy lankuit en maak jou oë toe en droom van kamers vol biltong tot die *Big Five*-beker uit jou hand val.

SAJWV BIED AAN

# MOSAMBIEK-BUFFELJAGKOMPETISIE 2023

**R100 PER KAARTJIE**



# WEN

HIERDIE

## DROOMPRYS

TER WAARDE VAN MEER AS

## R600 000!

**SKRYF SÓ IN:**

**BESOEK:**

**https://qkt.io/Buff23**

**OF**

SKANDEER HIERDIE KODE

**OF**

Betaal veelvoude van R100 in die SAJWV se bankrekening in: ABSA (632005) Reknr: 01443990077 – gebruik “Buffel” ASOOK jou selfoonnommer as verwysing.

**OF**

Koop ’n fisiese kaartjie by jou naaste SAJWV-tak se skietdae en sosiale aande.

**Prys sluit die volgende in:**

- TROFEE-BUFFELBUL
- TROFEE-WATERBOK
- TROFEE-RIETBOK
- VYFDAG-JAG IN COUTADA 11
- ALLE KOSTES INGESLUIT

**SLUITINGSDATUM:** 3 NOVEMBER 2023

**TREKKINGSDATUM:** 8 NOVEMBER 2023

MEDIABORG

TAKSIDERMIEBORG

**NLC REG. NO: 00303/ 08**

Volledige bepalings en voorwaardes beskikbaar by *www.sajagterhunter.com/wen/bepalings en voorwaardes*

# SAVAGE MODEL 110 TACTICAL DESERT IN 6.5 PRC



The Savage 110 is an excellent rifle that produced "out of the box" accuracy most rifle owners can only dream of. It is good value for money and can also be used as a hunting rifle.

Savage's Model 110 is probably the oldest model of rifle still currently in production, having started in 1958. Since then, it has gone through many guises in the more than six decades, but the basic design principles have remained the same. The company can trace its beginnings back to 1892 and is famous for its Model 1895 and Model 1899 lever-action rifles.

The subject of this test, the Model 110 Tactical Desert, is intended as a competition/tactical rifle and not a hunting rifle. However, as you will see later in this article, it can be tweaked slightly to serve both purposes. The rifle weighs in at 4,02 kg (unloaded and without a telescope or suppressor fitted) – slightly heavier than the standard "carry all day" hunting rifle, mainly due to the weight of the magazine and the semi-bull barrel measuring 19 mm in diameter at the crown.



The barrel is factory-threaded for a suppressor.




Notice the large "tactical"-type bolt handle, safety blade in the trigger, safety on the tang and cocking indicator/bolt release.




The Savage 110 bolt. Notice the dual-opposing locking lugs and the gas vent hole.



The forend has two sling swivel attachment points.

The straight-profile carbon steel barrel is 24" long and has a 1:8 twist rate with no Knox form. The barrel finish is exactly the same as that of the receiver – an attractive, satin blued finish that Savage describes as a matt finish, but I disagree as it does have a hint of a glisten. The barrel is threaded for a suppressor (M18x1 thread) and a chequered grip cap protects it when a suppressor is not fitted. The grip cap appears to have an 11-degree crown. The barrel is free-floated for its entire length right up to the receiver. The action utilises Savage's Accustock system, which they claim is "far superior to glass bedding". The receiver has two generously sized gas vents, one on each side, and the right-hand vent aligns with an equal-sized vent in the bolt head when the bolt is closed. This is to prevent excess gas from being blown into the shooter's eyes should there be a case rupture. Of course, the action is a push-feed design with large dual-opposing locking lugs and a 60-degree bolt throw. The oversized bolt handle is of the "tactical" design with raised ribs and a chequered pattern. The bolt release lever is situated to the right rear of the receiver just forward of the bolt handle and also acts as a cocking indicator (see photo on left). To remove the bolt, the release lever must be pressed down, and the trigger pulled backwards at the same time. Bolt insertion requires the same actions.

A three-position slide safety is situated on the tang of the receiver and is heavily serrated, which makes it possible to operate it even with very sweaty hands. In the rearward position, it is on full safe – both the trigger and bolt are locked, and no red dot is visible. In the middle position, the trigger is still locked, but the bolt can be operated, making safe unloading possible – half the red dot is now visible. In the forward (fire) position, of course both the trigger and bolt can be operated, and a full »



TOP AND BOTTOM RIGHT: The AccuFit system allows the owner to adjust both length of pull and comb height to his or her specific requirements. Four LOP and five comb height spacers are supplied with the rifle.




» red dot is visible. Taking the rifle from full safe to fire can be done without generating any noise – if you do it slowly. A factory-fitted 20 MOA one-piece Picatinny rail is fitted to the receiver, enabling the shooter to fit just about any type of sighting arrangement (more on the Picatinny rail later).

The rifle comes with a detachable, seven-shot, single-stack, all-steel magazine which protrudes from the bottom of the receiver by 68 mm when inserted. I could actually fit eight rounds into the magazine, despite the factory specifying only seven. It clips into place easily and stays there. The magazine lever-type release lever sits forward of the trigger guard at the rear of the magazine. It is quite long and easy to operate. The factory steel magazine has a slight rattle to it when fitted. I can see that this would be a major annoyance in the bush when hunting by generating unnatural noises and scaring off game. This is easily solved, though. Just wedge the end of a toothpick between the magazine and magazine well and break it off. The friction created is more than enough to keep the magazine from rattling and does not interfere with the rifle's operation in any way. Remember, this rifle is intended for tactical and competition shooting and not pri-



The additional LOP and comb height spacers supplied.



The two magazines discussed in the article. On the left, the factory magazine. On the right, the replacement Magpul magazine, which is a great option when using the rifle for hunting.




The rifle with the supplied factory seven-shot magazine – perfect for competition shooting, but not for the bush.




The rifle fitted with the replacement Magpul five-shot magazine. To me, this is the answer for taking the Savage to the bush.



To stop the factory magazine from rattling, push a toothpick into the gap between the magazine wall and the well. Unconventional, but it works…

marily for hunting. A rattling magazine is of no consequence on the range. Again, more on this later.

The user-adjustable (pull weight) AccuTrigger has a "safety blade" design that stops the sear in case the trigger is jarred or the loaded rifle is dropped. It also facilitates smooth trigger take-up. The trigger guard is square with ample space for the trigger finger, even when wearing gloves. The trigger broke at an average of 1 pound 8 ounces (10 readings from my electronic trigger scale) and is adjustable. I was happy with the light trigger pull and did not bother to adjust it from where it was when I received it.

The rifle's stock is a one-piece, synthetic design in FDE colour and features Savage's AccuFit system. With this system, both length of pull (LOP) and comb height can be adjusted by fitting various spacers supplied with the rifle. Four different butt plate stock inserts in ¼" increments are supplied, which fit between the rear of the stock and the rubber recoil pad. Simply loosen the retaining screws that fit through the recoil pad and replace the spacer with one of your choice. I used the 1" spacer, and the rifle fitted me perfectly. Similarly, five different comb risers are supplied that raise the comb by increments of ⅛". Assembly of the comb risers is done when the LOP spacer is removed. Any possible combination of facial and body features, as well as scope height above the bore axis, can therefore be catered for. The stock is »






**The group achieved with the Hornady ELD Match ammunition – 11,65 mm or 0.400 of a MOA – exceptional accuracy.**




**The group achieved with the Precision Hunter ammunition – 23,78 mm or 0.817 of a MOA – very good by anyone's standard and far better than most out-of-the-box factory rifle/ammo combinations are capable of.**

» fitted with a rear sling swivel attachment point, as well as two sling swivel attachment points on the forend. The grip cap is adorned with the Savage logo.

**SO, HOW DID IT SHOOT?**

Inyathi Sporting Supplies, the local Savage agent, supplied the rifle with a Burris XTR PRO 5,5-30x56 telescope featuring the SCR2 (FFP) reticle, as well as an Aimsport Triton 4 reflex suppressor. A generous supply of Hornady 147-grain ELD Match and Hornady Precision Hunter 143-grain ELD-X ammunition was also given to me to use with the rifle. (Look out for the test reports on these items in upcoming issues of SA JAGTER/HUNTER.) After sighting in the rifle, which took but three shots, I fired a few groups but was not impressed at first. The groups were slightly larger than 1 MOA, but the day was cold and windy, and I shivered most of the time. I put on another jacket, cooled the barrel down a bit after pushing a few dry patches through it and turned down the magnification slightly. I also concentrated on a proper hold and horizontal alignment, and then everything came together. The next few groups were exceptional, considering I was using "straight out the box" factory ammo. The ELD Match ammunition produced a best group of 11,65 mm at 100 metres (0,400 of a MOA) and the Precision Hunter ammunition a group of 23,78 mm (0,817 of a MOA). Given the windy (gusty) conditions on the day, that is an impressive performance. I then proceeded to the gongs from 100 to 500 metres and, using the scope to its fullest capability, hit every gong the first time without exception (the gong range was sheltered from the wind). All rounds fed smoothly, and all cases were ejected without problems. The trigger is excellent and I cannot fault it in any way. It has almost zero take-up (apart from the safety blade), has no creep and breaks cleanly and consistently. The semi-bull barrel can take several shots more than a conventional barrel before it heats up. I am sure that with precise load development, and using cases that are fire-formed and neck-sized for the rifle's chamber, it will produce single-hole groups at 100 metres.

If I were the owner of this rifle and had to make do with one or two rifles only for both long-range shooting and hunting, this is what I would do: Firstly, the all-steel, seven-shot magazine will not be practical in the bush. Magpul manufactures a PMAG five-shot, synthetic magazine for the Savage 110. This is a far better option for the bush as it does not protrude as far from the well. It is also lighter and does not rattle like the steel magazine. Five shots are also all you need for the bush – trouble that you cannot sort out with five shots, you should not have started… Secondly, I would fit an aluminium reflex suppressor to reduce weight (the fitted Aimsport was perfect). Firing a 6,5 PRC without hearing protection is NOT a good idea – it has a big bark. I would also shorten the magazine release lever – it is, in my opinion, overly long and a bit sharp around the edges. A shorter one would also assist in preventing accidental magazine dislodgement. I have also never liked nor understood why full-length Picatinny rails are fitted to factory rifles. The section over the port is superfluous and almost never used. I also do not believe that it actually adds any additional stability. What it does do is add weight and reduce access to the action's port. I would use a two-piece Picatinny set-up made as short as possible to support a scope suitable for both hunting and long-range shooting, or two scopes that are swopped out as and when required. To compensate for the loss of the 20 MOA factory-fitted rail, 20 or even 30 MOA bases or rings can be fitted.

My overall impression of the Savage would rate an 8,5 or possibly 9 out of 10, and for my somewhat conservative approach when it comes to rifles, that is saying a lot!

*The Savage Model 110 Tactical Desert comes with a detailed instruction manual and sells for R25 000 – good value for money, considering it is threaded and comes with a Picatinny rail. Call Inyathi Sporting Supplies on 012-808-9911 to find a dealer near you.*


Times have changed.
Our QUALITY, RELIABILITY & REPUTATION have not.
MODEL 70
AVAILABLE in a wide range of calibers
Over 80 years ago, Winchester® set the standard for the bolt-action rifle. The Model 70® was robust, reliable, accurate and a real looker. Today, in a world full of utilitarian plastic rifles, the Model 70® continues to impress shooters with beautifully finished wood, polished bluing and the performance traits that make Winchester rifles legendary.
WINCHESTER WE KNOW BOLTS
WINCHESTER
RIFLES AND SHOTGUNS
Available at all participating dealers.
Contact Inyathi to locate your nearest dealer.
Tel: 012 808 9911 •
info@inyathi.net
Terms & conditions apply. E&OE. While stocks last.
Distributed by
ISS INYATHI SPORTING SUPPLIES
ISS210812 WINCHESTER MODEL70 [275x210]

# Waarom moet ons vroulike diere jag?

***Dis nie altyd die grootste bulle of ramme wat op die jagter se inkopielys hoef te wees nie.***



**Hierdie blouwildebeeskoei is vroeg in die jagseisoen gejag en was in 'n uitstekende kondisie. Só 'n dier bied topklas-vleis en is baie goeie waarde vir geld vir die vleisjagter.**



Deur **JOHAN VAN WYK**

Ek dink nie daar is baie wat sal stry dat jag lankal nie meer die goedkoopste tydverdryf is nie. Met lewenskoste wat voortdurend aan die styg is, tesame met die pryse van ingevoerde toerusting soos teleskope, gewere en ammunisie wat oor die laaste paar jaar drasties gestyg het, het dit duur geword om net op die plaas te kom, om nie eens te praat van die sneller ook trek nie.

Dis egter nie net jagters wat die knyp aan hulle rande begin voel nie, maar wildboere ook. Om 'n wildsplaas te onderhou en te sorg vir gesonde, volhoubare aanteel jaar ná jaar verg moeite en geld. Dit is dus verstaanbaar dat wildboere die pryse van hulle wild van tyd tot tyd gaan opstoot.

Vir die jagter wat voortdurend na trofeediere op soek is, is dit 'n duur speletjie. Wildboere en jagondernemers vra gewoonlik 'n premie vir die prima bulle en ramme, en bowendien is daar die koste van taksidermie wat bykom. Trofeejag op 'n toegewyde basis is dus in 'n ander liga en vir die meeste van ons nie noodwendig 'n opsie nie. Vir diegene wat gaan jag vir die samesyn met vriende en familie, die voorreg om in die natuur te wees en ook om vleis in die vrieskas en op die tafel te sit, is daar egter 'n ietwat meer bekostigbare opsie: die jag van vroulike diere.

Ek moet bieg dat ek maar 'n bra slegte trofeejagter is. Die paar trofeë wat ek oor die jare bymekaargemaak het, kan ek amper op my een hand tel. Die meeste van hulle is teen die muur as 'n aandenking van 'n onvergeetlike jag in 'n ongerepte area saam met goeie vriende. Ek tel dus onder diegene wat eintlik jag ten einde 'n passie uit te leef, en ook vir die heerlike, gesonde vleis. As gevolg hiervan het ek dus geen probleem om

vroulike diere onder die regte omstandighede te jag nie.

Die jag van vroulike diere is om verskeie redes nodig. Vir 'n wildboer is dit noodsaaklik om die wildgetalle op sy plaas volhoubaar te beheer, en as daar deurentyd slegs manlike diere gejag word, loop dinge vinnig deurmekaar. Die jaarlikse aanteel bestaan uit beide manlike en vroulike diere en die getalle van albei geslagte moet dus eweneens beheer word. Uit 'n bestuursoogpunt is die jag van vroulike diere dus belangrik.

As die finansies knyp, iets wat deesdae meermale die geval is, is vroulike diere 'n meer bekostigbare uitweg. Baie wildboere bied vroulike diere teen baie mededingende pryse aan plaaslike jagters. Ek het al by verskeie geleenthede van sulke aanbiedinge gebruik gemaak. Die vleis wat ná die tyd vrieskas toe kom, is meesal van uitstekende kwaliteit – beter as dié van ou, manlike diere.

Twee van my geliefkoosde spesies uit 'n vleisoogpunt is gemsbokke en elande. 'n Paar jaar gelede het 'n vriend te veel elandkoeie op sy grond gehad en dus 'n paar van hulle teen 'n baie redelike prys vir jag beskikbaar gestel. Ek het die kans met beide hande aangegryp, en toe die .375 vroeg een Saterdagoggend gepraat het, het die slagwerk in alle erns begin. Die koei wat ek geskiet het, was mooi groot en spekvet. As my geheue my nie in die steek laat nie, het die karkas 242 kg geweeg. Aangesien sy salig onbewus was van my toe ek haar geskiet het en ook 'n vinnige doodskoot gekry het, was haar vleis van hoogstaande gehalte. Ons het amper elke dag eland op die spyskaart gehad vir die res van die jaar! Dit was uitstekende waarde vir geld.

Wat gemsbokke aanbetref, het ek ook geen besware om koeie te skiet nie. Gemsbokkoeie weeg dalk nie so swaar soos elandkoeie nie, wat hulle koste per kilogram karkasgewig dalk 'n raps duurder maak, maar hulle vleis is eersteklas.»



**BO:** Hierdie gemsbokkoei is 'n paar jaar gelede in die Sneeuberge gejag. Sy was in 'n goeie kondisie en die vleis het vorentoe gesmaak.

**ONDER:** Buffelkoeie bied die aspirant-grootwildjagter die ideale kans om 'n lid van die Groot Vyf te jag. Hierdie ou koei is in Zimbabwe geskiet, maar soortgelyke geleenthede is ook in Suid-Afrika en elders beskikbaar.



» As dit by pryse kom, is baie boere bereid om jagters per kilogram karkasgewig eerder as per bok te laat betaal. Dit maak die speelveld taamlik gelyk vanuit die vleisjagter se oogpunt, want 'n kleinerige bok is 'n kleinerige bok se prys, terwyl die teendeel waar is vir groter bokke. Dié manier van doen is ook 'n handige wyse vir 'n boer om van oortollige vroulike diere ontslae te raak. Om per kilogram te betaal is veral in springbokwêreld 'n gewilde praktyk, maar ek het ook al gesien dat blesbokke, swartwildebeeste en selfs koedoes op dié manier vir jagdoeleindes geadverteer word. Uiteraard is dit die wildboer se prerogatief watter formule hy gebruik om die karkasgewig te bepaal, maar die mees algemene metode blyk die gewig van die karkas sonder die kop, pote en binnegoed met die vel aan te wees wat geweeg word. Dit is altyd 'n goeie idee om 'n ooreenkoms hieroor met die boer te bereik voor die skote begin klap...

Vir diegene wat nog altyd daarvan gedroom het om gevaarlike wild te jag, is daar uitstekende geleenthede as dit by vroulike diere kom. Buffels se getalle op privaat grond in Suid-Afrika het die laaste dekade of so drasties toegeneem danksy gesonde wildboerdery. Gevolglik is daar deesdae baie geleenthede om buffels te jag. Veral buffelkoeie is baie billik geprys en volop om te jag. Afhangend van waar die jag plaasvind (en derhalwe die heersende gesondheidsvereistes), kan die jagter boonop dikwels die vleis ook hou.

Die jag van buffelkoeie kan die adrenalien sterk laat pomp as dit reg gedoen word, en omdat hulle amper uitsluitlik in troppe beweeg, kan die jag baie uitdagend wees. Buffels bly diere wat potensieel gevaarlik kan wees en dieselfde reëls geld vir bulle en koeie: Gebruik 'n kaliber wat die werk kan doen, maak seker van jou skoot en moenie die prooi onderskat nie! Vir die jagter met 'n knap begroting is 'n buffelkoeijag definitief iets om te oorweeg.

Alhoewel olifantkoeie nie in Suid-Afrika gejag word nie (dis in stryd met die Suid-Afrikaanse regering se olifantbestuursplan), is dit beslis nie die geval verder noord in Afrika nie. In Zimbabwe, veral sekere dele van die Zambezivallei, is olifantkoeie sonder tande glad nie 'n snaakse verskynsel nie. Dit word veroorsaak deur 'n oordraagbare geen wat in die betrokke olifantbevolking voorkom. Gevolglik staan die Zimbabwiese owerhede jaarliks groot getalle jaglisensies vir tandelose olifantkoeie toe. Vir Zimbabwe se regering is dit nie net 'n broodnodige inkomste nie, maar dit word ook aangewend om die land se olifantoorbevolking aan te spreek en om die getal tandelose olifante (dié kondisie kom in 'n kleiner aantal bulle ook voor) te beheer.

'n Jag vir 'n tandelose olifantkoei kos 'n fraksie van die prys van 'n trofee-olifantbul. Volgens jagters wat dit al beleef het, is dit ook 'n jag wat die adrenalien behoorlik laat vloei en die kanse vir 'n stormloop in die vallei se digte jesse-doringbosse is uitstekend. Die sogenaamde *Zambezi Ladies*, soos die tandelose olifantkoeie in Zimbabwe bekendstaan, is berug vir hul aggressie en die jagter wat hulle aandurf kan verseker wees van 'n jagondervinding soos min.

Leeujag is iets wat die laaste paar jaar groot opslae gemaak het, en dít vir al die verkeerde redes. In Zimbabwe en elders in Afrika is dit egter nog moontlik om 'n vrylopende leeuwyfie te jag soos dit in die ou dae gedoen is. Ondanks dit wat deur dieregtegroepe verkondig word, is leeus oorbevolk in sekere gebiede waar hulle voorkom. Dit het 'n negatiewe impak op ander spesies soos buffels se getalle aangesien die troppe leeus meer prooidiere moet vang om aan die lewe te bly. Om 'n wilde leeu te jag is bepaald nie goedkoop nie, maar 'n jag vir byvoorbeeld 'n leeuwyfie in een van Zimbabwe se massiewe bewareas is beslis goedkoper as 'n trofeeleeumannetjie.



Baie wildboere het spesiale aanbiedinge en pakkette vir diegene wat bereid is om vroulike diere te jag. 'n Dier soos hierdie rooibokooi bied ook 'n goeie kans aan 'n jong jagter om sy eerste bok plat te trek.

Alhoewel manlike diere op sommige jagplase met die nodige vrystelling dwarsdeur die jaar gejag word, is dit onwys om dieselfde praktyk op vroulike diere toe te pas. Vroulike diere moet liefs vroeër in die jagseisoen gejag word om te voorkom dat dragtige diere geskiet word.

Ek het reeds daarop gewys dat vroulike diere as 'n reël bekostigbaar is om te skiet. Vir baie ouers van jong jagters is dit ook 'n goeie manier om hulle kinders aan jag, en veral die skiet van 'n eerste bok, bloot te stel. Dit bevorder nie net jag en bewaring nie, maar is ook 'n belangrike eerste stap op daardie jong jagtertjie se bospaadjie.

Soos ons kan sien, het die jag van vroulike diere baie voordele. Dit is 'n belangrike stukkie gereedskap in die wildboer en reservaatbestuurder se bestuursplan en maak finansieel sin vir die jagter op soek na wildsvleis, asook diegene met 'n begroting wat dalk begin knyp. Vanuit my oogpunt is daar net voordele!


PULSAR
AXION 2 LRF XG35
Thermal Imaging Monocular
< 25
mK
640x480 pixel
@ < 25 mK
NETD sensor
11h
Up to 11 hours of
battery life on a
single charge
1750m
Long detection
range up to
1750 m
REC
Photo and
video recording
Variable
magnification
2.5x to 20x
8
A selection of 8
color palettes
PULSAR
THERMAL
IMAGING
ULTRANEXUS
TO FIND A DEALER NEAR YOU, SEE CONTACT DETAILS BELOW:
WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA | WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA | 083 559 0001




# VET FAAN EN DIE SLANG

Kruiwa skiet-vlieg in die lug op en krabber-fladder doer hoog op een plek soos 'n valk wat sy prooi van ver af opsom. Hy kyk af grond toe – eers met sy linkeroog, dan met sy regteroog en daarna weer met sy linkeroog. Dan skree-roep hy uit volle papegaaibors: "Rooibok! Rooibok!"

"Uitstekend, Kruiwa! Die rooibokke is 200 meter regs na die rivier se kant toe. Kom, Vet Faan, volg my. Vandag sien jy my veldverkenner-papegaai in aksie," sê ek trots met 'n tamaai glimlag. Vet Faan staar verbaas en stap verstom agterna. "Kan dit waar wees dat 'n papegaai vooruit die veld kan invlieg en uit die lug roep watter dier of ding hy daar onder gewaar? Dis mos toetentaal ongehoord," mompel Vet Faan. Ek kry te lekker en is omtrent in my noppies. Dis hoog tyd dat ek weer een voor is in die vriend-vyand-verhouding tussen my en Vet Faan. Vandag is ek die voorbok en Vet Faan die agteros!

Ek en Vet Faan het op dieselfde bus plaasskooltjie toe gery en dit was nie lank nie of ons was boesemvriende. Ons was onafskeidbaar en het letterlik alles saamgedoen, van huiswerk tot op ons ouers se senuwees werk. 'n Tweemanbende met twee volwaardige bendeleiers. Dit het egter alles verander die dag toe die skoolbus onverwags stop en 'n nuwe leerling oplaai.

Ek en Vet Faan het heel agter in die bus gesit en met ons albasters gespeel, salig gelukkig in ons eie wêreldjie. Toe gaan die busdeur oop en fyn voetstappe weerklink op die trappies. Haar groot bos blonde hare het vuurwarm in die oggendson gebrand. Haar oë so blou soos Margate se see tydens Desember-vakansies. Haar glimlag so wit soos Trixie die koei se vars plaasmelk. Haar naam was Anna-Marie, die meisie van die buurplaas.

Die raserige bus was eensklaps tjoepstil en almal het in vervoering na die skone wese gestaar. Ek moes myself knyp om seker te maak ek dagdroom nie. Almal het begin rondskuif om vir haar plek te maak. Dit was behoorlik 'n gemaal en geskarrel met hande wat waai en skooltaste wat rondgegooi word. Anna-Marie het in die gangetjie afgestap verby al die rye sitplekke tot heel agter en reg voor my en Vet Faan tot stilstand gekom. Ons het styf teenmekaar gesit en bang dog opgewonde na haar opgekyk. My hart het wild-wekker-wakker geklits soos nog nooit tevore of daarna nie. Sy het gevra ons moet spasie maak en toe mooitjies tussen my en Vet Faan kom sit. En dis waar die ding begin het...

**Maar wag... daar is 'n beweging tussen die blare... daar is iets reg langs Vet Faan se gesig. Die slang is klaar oorgehaal en reg om te pik.**

Donkie-deksels-Donderdag! Ek is van my storie af! Kruiwa kom uit die lug neergeswiep en land op my skouer met sy bors uitgestoot. Tevrede gee ek hom 'n welverdiende oogknik. "Nie meer ver nie, dan is ons by die rooibokke. Vandag klits ek een vir die pot! Daar is 'n smaaklike wildspotjie op die spyskaart. My maag soebat al lank vir so 'n lekker bederfie," sê ek met oordrewe vrolikheid.

"Ons is nou baie naby. Ek sal hierdie skoot vat, Vet Faan. Volgende keer is jou beurt," fluister ek terwyl ons saggies stelling inneem. Ek glip my geweer van my skouer af en kyk om na Vet Faan wat verwonderd na my staar. Dit is voorwaar 'n groot oomblik vir my – ek wag al lank om vir Vet Faan te wys presies wat in my steek.

Ek stoot die laaste tak voor my weg om die rooibokke mooi te kan sien. Maar ek sien nie rooibokke nie... ek sien net beeste, 'n klomp rooi Angus-beeste! Ek span my oë in om asseblief tog net 'n rooibok te gewaar. Net enetjie! Ek is te bang en skaam om om te draai en na Vet Faan te kyk. Dis ook nie nodig nie, want ek hoor hoe hy uitbars van die lag agter my. "Dis die grootste, vetste rooibokke wat ek nog in my hele lewe gesien het, en ek lewe al lank, jy weet! Ek kan nie wag om dit vir die manne te vertel nie," sê hy vermakerig en kruip rond van die lag. "Ten

minste weet jy Kruiwa is nie kleurblind nie. Wag, staan gou vir 'n foto. Ek moet hierdie sirkustoneeltjie vasvang vir my InstaFaceTok," spot hy verder.

Kruiwa laat sak sy kop in skaamte. Ek wil hom troos en vryf, maar doen dit nie. Ek borrel te veel van die kwaad, teleurstelling en vernedering.

"Stop jou gespot en gelag, Vet Faan! Dis één foutjie. Die dag is nog nie verby nie. Voor die son sak, sal ons jou wys!"

"Kruiwa, vlieg nou dadelik en gaan soek 'n bok!" beveel ek Kruiwa ongeduldig.

"Los die groen duif dat hy gaan piesangs en pere eet en laat ek jou wys hoe word 'n wildsbokkie opgespoor," terg Vet Faan terwyl hy die trane van sy gesig afvee.

"Kruiwa, luister mooi. Ons het hierdie al baie geoefen. Jy kán dit doen. Vlieg vooruit en gaan soek vir ons 'n bok! Weg is jy!" Kruiwa knipper sy waterige ogies een keer stadig en toe skiet hy soos 'n geveerde vuurpyl op in die lug en buite sig.

Vet Faan skud sy hoed af wat op die grond geval het van al die gekruip en gelag. Dan begin hy praat asof hý nou weer die een is wat alles weet: "Ek moes kon dink jy is besig om my 'n rat voor die oë te draai. Laat ek jou raadgee, ou Jantjie. Jou probleem is mos jy word te vinnig moeg in die jagveld en van al die stap jaag jou asem só dat dit al die diere in die Suidelike Halfrond afskrik. Jy ken my al jare en my bynaam was nog altyd Vet Faan omdat ek effe... koddig is. Tog is ek vandag fiks en in goeie kondisie. Ek kan wawiele doen, op my hande staan en ná 'n vuil Coke of twee selfs die leeuloop aandurf. Wat het my laat besef ek moet fikser word, vra jy my?"

"Nee, ek vra jou niks nie, Vet Faan. Ek is nie lus vir jou geginnegaap nie. Ons moet luister of ons Kruiwa kan hoor roep," sê ek kortaf. Hy bly egter babbel asof ek nie eers iets gesê het nie.

Ek trek my oë op skrefies en spits my ore, maar daar is geen teken van Kruiwa nie. Dalk was ek te kwaai en lelik met hom. Dalk sit hy êrens alleen en hartseer. Dalk het hy verdwaal of is hy huis toe om te gaan wegkruip in sy Grondpad Vellienessie waarin hy uitgebroei en grootgeword het. Dit is sy veilige plekkie as hy uitgeskel word. Ek speel elke moontlike scenario voor my geestesoog af.

Dan ruk Vet Faan se stem my terug na die werklikheid. "Rooibokram!" fluister hy opgewonde en gryp my liggies aan die skouer terwyl hy na 'n ongelooflike trofeeram beduie. "Ek het jou mos gesê ek stel nie teleur nie en dis my beurt," sê hy vermakerig. "Vat my foon en maak 'n video vir al my sosialemediavolgelinge," beveel Vet Faan terwyl hy sy foon in my hand stop en sy geweer van sy skouer afhaal. Ek speel gedwee kameraman en aanvaar dis hoe dit maar altyd gaan wees met Vet Faan. Alles val eenvoudig in sy skoot.

Vet Faan lê aan deur die blare en takke en posisioneer hom perfek vir 'n kolskoot op die bok. Ek sien al hoe druk hy die sneller, hoe val die bok met 'n perfekte skoot en hoe vertel hy vandag se storie wyd en syd. Maar wag... daar is 'n beweging tussen die blare... daar is iets reg langs Vet Faan se gesig. Die slang is klaar oorgehaal en reg om te pik. As Vet Faan daardie sneller druk en die skoot klap, sal die slang hom pik en ons is 'n ver ent se stap van hulp af. Dinge kan lelik skeefloop! "Moenie skiet nie! Beweeg stadig terug, daar's 'n slang by jou kop wat gereed is om te pik!" waarsku ek sag, maar al wat Vet Faan mompel, is: "Regtig? Is jy nog 12?"

Vet Faan se vinger skuif stadig oor die sneller. Dan haal hy diep asem en druk die sneller. Die slang skrik hom skoon uit sy kronkels uit en mik reguit vir Vet Faan se gesig. Soos blits kom Kruiwa egter skielik uit die lug afgeduik en gryp die slang met sy snawel en pote weg van Vet Faan se gesig. Kruiwa probeer met die slang in die lug opvlieg, maar die giftand draai sy lyf styf om Kruiwa en druk sy vlerke vas en hulle val grond toe. Hulle ruk en rol op die grond en stoei om lewe en dood. Ek kan nie die slang skiet nie, want ek is bang ek tref Kruiwa. Ek wil help, maar is ook bang ek vererger die situasie. Vet Faan is 'n nul op 'n kontrak en staan verstar van skok.

Vandag kan nie die dag wees wat ek vir Kruiwa verloor nie. "Riaan Cruywagen, jy beter die oorhand oor daai satan kry of jy is in diep moeilikheid! Hoor jy my, Kruiwa? As jy vandag iets oorkom, gaan jou stertvere brand!" My snaakse manier van liefde wys moes gewerk het, want net daarna kry Kruiwa die oorhand en skiet die lug in met die slang in sy bek en pote. Doer ver in die blou uitspansel laat los hy die slang en kom land dan woeps-waps op my skouer. Ek wil hom sommer opsoen van verligting, maar die harde jagterman wat ek is, laat my dit nie toe nie. Ek gee Kruiwa toe maar weer een van my oogknikke. Dit was genoeg vir hom om weer sy bors trots uit te stoot.

"Goeie gedorie, nou het ek al alles gesien!" stotter Vet Faan oorbluf. "Kruiwa is nie net 'n papegaai nie, hy is 'n superheld! Hy het my lewe gered! Die manne en my sosiale volgelinge móét hiervan weet." Daardie dag in die jagveld het Vet Faan nie 'n kiekie saam met sy trofeerooibok geneem nie, maar saam met my dapper Kruiwa.


TROTSE BORG VAN KAMPVUURSTORIES




18 Geniet verantwoordelik. Nie vir persone onder die ouderdom van 18 nie.




**INSETSEL BO:** 'n Pakkie PMP .308 Win-patrone van destyds. Tydens die isolasiejare was PMP omtrent al patrone wat beskikbaar was.

**HOOFFOTO:** Die staatmaker-.308 Win wat ek gebruik het.

**ONDER:** 'n Mooi trofee op Japan Jagplaas gejag gedurende die negentigerjare.



# BLESBOK-KASKENADES

*'n Spesiale voorsitjag in die Suid-Vrystaat.*

Gedurende my studentedae in die vroeë negentigerjare aan die destydse Universiteit van die Oranje-Vrystaat, het ek op 'n keer 'n sekere predikant gehelp om 'n troppie blesbokke op sy plaas in die Reddersburg-distrik uit te skiet. Hy het eintlik my pa gevra om hom te help. Pa was egter nie beskikbaar nie en het my by die dominee aanbeveel. Die leraar was nie té ingenome met die voorstel nie, maar omdat hy baie respek as mens en as jagter vir my pa gehad het, het hy daarby berus. Ek was natuurlik in die sewende hemel, want dit het 'n jagtog op 'n nuwe, onbekende bestemming beteken.

Hierdie uitskiet-blesbokjag het op drie agtereenvolgende Saterdae in die winter van 1993 plaasgevind. Só het die dominee my die spesifieke eerste Saterdag douvoordag by ons dorpshuis in Bloemfontein opgelaai. Ons is vort plaas toe, waar ons net ná sonsopkoms aangekom het. Gedurende die rit plaas toe het ek agter die kap van die byl gekom. Die plaas is verkoop en volgens die koopkontrak moes die blesbokke van die plaas af voordat die koopsom betaal sou word en die nuwe eienaar kon

oorneem. Tydens dié spesifieke Saterdag moes ons net ramme skiet. Die ooie sou gevang en lewendig verkoop word. Hierdie opdrag het alreeds die gevaarligte vir my laat flikker, want dis geen maklike taak vir oningeligtes en onervare jagters om tussen blesbokramme en -ooie te onderskei nie. Voeg daarby dat Dominee 'n presiese man was wat nie enige nonsens of lamsakkigheid geduld het nie, en ek het besef dat die taak voorhande, hoewel baie opwindend, nie so eenvoudig was nie.

Twee van die boere in die omgewing sou ook aan die blesbokjag deelneem en het ons op die plaas ingewag. Gert was 'n oorgewig maar joviale man in sy vroeë dertigs en oom Jan 'n aangename oom in sy vyftigs. Hy en Dominee was tydgenote. Ek was dus die enigste nat-agter-die-ore-aspirant-grootwildjagter wat daardie dag my staal tussen die hardebaarde sou moes wys. Gelukkig het ek tussen tien- en twintigjarige ouderdom bykans elke naweek op Japan Jagplaas in die Sentraal-Vrystaat deurgebring, waar ek dikwels jagters in die veld vergesel het en gereeld vir hulle die verskil tussen blesbokramme en -ooie moes aandui. Dit het my egter nie minder op my senuwees gemaak nie en ek het my voorgeneem om nie af te steek teen die ooms en die dominee nie. Ek was egter tot 'n groot mate op my gemak, want Pa het my sy .308 met die Mauser-slotaksie geleen waarmee ek baie goed vertroud was. Oom Jan het met 'n .270 gejag en Gert met 'n .243. Dominee sou nie jag nie, maar met sy bakkie help aanjaag en met sy verkyker die blesbokramme uitsoek. 'n Man te perd sou Dominee se assistent-aanjaer wees.

So is ek dan daardie Saterdagmôre in die hoek van die blesbokkamp tussen besembos en bloubos en karee en kiepersol, aan die noordekant van 'n ysterkliprant afgelaai. Die kamp se grensdraad het letterlik aan die voet van die rant verbygeloop. Dit was die ideale voorsitplek. Ek was 'n hele paar meter hoër as die kamp se hoek in 'n ander kamp 'n entjie teen die rant op. Dit was omtrent 80 tree na die hoek van die kamp, waar die blesbokke veronderstel was om saam te drom. Die effense hoogteverskil het my ook 'n uitstekende uitsig op 'n groot deel van die kamp gegee en ek kon die bewegings van die bakkie en die man te perd fyn dophou. Dit was hulle taak om die bokke stadig in my of die ander twee voorsitjagters se rigting te druk.



**Ek en 'n vriend tydens 'n ander blesbokjag op Japan Jagplaas in die 1990's.**

Nadat ek 'n dooierus vir die .308 gevind het, kon ek behoorlik my lê kry en my in 'n pragtige, tipiese Suid-Vrystaatse wintersdag in die veld verlustig. Dit was 'n sonnige, windstil dag, maar 'n effense luggie het tog kort-kort die rooigrasse geroer – 'n teken dat die lente en daarmee saam die einde van die jagseisoen gelukkig darem nog nie aangebreek het nie. Ek het nie te lank gewag nie toe ek die stoffie van die ongeveer 100 blesbokke in my rigting begin gewaar. Nie lank daarna nie, of die blesbokke was in die hoek. Die man op die perd het 'n veilige afstand gehandhaaf en die bokke was heel op hulle gemak. Terwyl ek hulle deur die teleskoop dopgehou het, het hulle begin uitsprei en was nou ongeveer 100 tree van waar ek agter die roer gelê het.

Rustig en op my gemak het ek die ramme begin uitsoek. Die wit riwwe aan die voorkant van hulle horings het my nie om die bos gelei nie. Ondervinding het my geleer dat veral volwasse ooie in goeie kondisie se horings aan die voorkant soms ook witterig vertoon. Pa was van mening dat ramme 'n blouerige skynsel het wanneer die son direk op die glansende velle val. Dit mag so wees, maar dis net 'n geoefende oog wat dit kan onderskei en selfs dan kan jy nog steeds 'n fout maak, want sommige ooie vertoon ook blou. Vir my is die maklikste manier om tussen ramme en ooie te onderskei deur na die horingbasisse op te let waar dit uit die skedel groei. Die ramme s'n is heelwat dikker as die ooie s'n. Die hoek waarteen die jagter na die horings kyk, is egter baie belangrik. Van die kant af is dit nie altyd opmerklik nie, maar wanneer jy na die agterkant van die bok se kop kyk, is dit baie duidelik sigbaar. Jy moet ook na genoeg aan die bokke wees en die vergroting op jou jaggeweer se teleskoop moet groot genoeg wees. Hierdie metode is nie onfeilbaar nie, maar het my nog nooit in die steek gelaat nie. My gunstelingskoot op blesbokramme waar afstande dit toelaat, is dus 'n kopskoot van agter af, so na as moontlik aan die kroontjie.

'n Ram langs 'n groterige besembos het my aandag getrek. Hy het reguit weg van my af gekyk en Dominee se stilstaande bakkie in die verte in die oog gehou. Toe die skoot klap, het hy in sy vier spore omgedop. Omdat die bokke nie 'n idee gehad het waar die skoot vandaan kom nie en omdat die jagter nie sy skuilplek verlaat het nie, het die bokke nie uitmekaargespat soos wat mens sou verwag nie. Hulle het net onrustig rondgemaal, en toe die »

» trop weer tot bedaring kom, het die tweede skoot geklap. Die resultaat was dieselfde as die eerste keer. Ná 'n bietjie kopskud, proes en rondtrap, kon ek 'n derde ram grond toe bring voordat die trop haastig spore gemaak het.

Ek het die entjie na die hoek afgestap en Dominee gehelp om die drie bokke op die bakkie te laai. Hy was baie ingenome met die netjiese kopskote, maar meer nog met die feit dat al drie die bokke ramme was. Hy het die ramme by die slagplek gaan aflaai en ek is weer terug na my voorsitplek so 'n entjie teen die ysterkliprant op. Vanuit my skuilplek het ek gesien hoe werskaf die man op die perd om die bokke by die ander voorsitjagters uit te kry. Dominee was gou weer terug op sy pos en het weer sy rol as hoofaanjaer oorgeneem. Sporadiese skote het deur die loop van die oggend uit die ander voorsitplekke opgeklink, maar die bokke het nie weer hoek toe gekom nie. Toe ons middagete 'n stukkie lewer en 'n worsie op die kole braai, was ek bly om te hoor dat die ander twee jagters elkeen al twee bokke geskiet het. Twee van die vier was egter ooie en Dominee het in sy predikantstem dit baie duidelik gemaak dat dit nie sy goedkeuring wegdra nie. Alhoewel baie ingenome met my eerste drie skote, het ek besef dat as ek volgende Saterdag weer wil kom blesbok jag, ek nie vandag enige foute moes maak deur op ooie aan te lê nie.

Dominee se kwaai woorde het in my kop bly rondmaal toe ek ná middagete weer my voorsitplek ingeneem het. Die vol maag, die Suid-Vrystaatse winterson en Klaasvakie het egter kragte saamgesnoer en kort voor lank was ek vas aan die slaap. Dit was eintlik 'n ou laai van my om 'n bietjie verlore slaap op 'n voorsitjag in te haal, veral as die bokke 'n bietjie lank wegbly.

Ek is deur mansstemme uit my veldslapie gewek. Dit het my 'n oomblik of twee geneem om die stemme geplaas te kry en skielik was ek wawyd wakker. Die bokke was nie heeltemal in die hoek nie, maar skuins regs van my waar hulle na Dominee se rooi bakkie staan en kyk het. Die bakkie was reg oorkant my en vanuit die insittendes se gesigsveld was die troppie blesbokke skuins links voor hulle. Een van die ander voorsitjagters was nou agter op die bakkie en het met sy geweer bo-oor die voertuig se dak na die bokke gekyk. Dominee was so halflyf by die venster uit en met die verkyker voor sy oë het hy instruksies aan die jagter agter op die bakkie gegee. Dit was hierdie einste instruksies wat my uit droomland gewek het.

"Daar staan hy nou derde van links, Jan. Die een met die mooi horings. Wag so 'n bietjie, daar loop die ooi nou voor hom in. Hy is nou vierde van links. Het jy hom?" Dit het my 'n tydjie gevat om my regs en Dominee se links uit te sorteer, maar ná 'n rukkie het ek dieselfde ram in die teleskoop gehad. Gelukkig het dit oom Jan 'n tydjie geneem om dieselfde bok as Dominee in die oog te kry. Dominee het ook aanmekaar gepraat om seker te maak dat oom Jan die ram mooi uitken en nie nog 'n ooi skiet nie. "Hy is nog steeds vierde van links, Jan. Niks het verander nie." Dan kan ek mos nie 'n fout maak nie, het ek gedink. As Dominee sê dit is 'n ram, dan ís dit mos een, het my gewete ook saamgepraat. Vir oulaas het ek seker gemaak dat ek en Dominee dieselfde bok in die oog het en toe behoorlik op die bok aangelê. Die afstand was ongeveer 100 tree.

"Daar laat sak hy nou sy kop nes 'n kwesbok," sê Dominee. "Wag, daar stap hy bietjie vorentoe. Nou staan hy heeltemal in die oopte, Jan." Die skoot uit my .308 het die bokke uitmekaar laat spat, maar geensins vir Dominee van stryk gebring nie. "Daar val hy!" In my teleskoop het ek die bok sien neerslaan. "Magtag, Jan," het Dominee weer begin en toe skielik: "Maar dis mos nie jy nie, Jan. Dis Pieta wat geskiet het!" "Net toe ek wou skiet, Dominee, toe raak die bok skielik weg," lag oom Jan.

Ek het opgestaan en nader gestap. Dit was nou 'n oor-en-weer gelag, beduie en 'n gepraat. Amper soos by die Toring van Babel, net met die verskil dat ons drie darem mekaar se taal verstaan het. As dit nie daarvoor was nie, het ek vir Dominee misverstaan en sweerlik op die verkeerde bok aangelê, het ek so in die stilligheid gedink. Dit sou katastrofies wees. Gelukkig praat jagters darem mekaar se taal, of jy nou van Bloemfontein of Reddersburg is. Dít het ek daardie middag besef, veral toe ek weer genooi is om die volgende Saterdag te kom blesbok jag.



**'n Soortgelyke ysterkliprantjie waar ek op 'n ander plaas gesit het. Die hoogtevoordeel is duidelik sigbaar.**

RUSTENBURG
ARMS & AMMUNITION
TEL: 014 592 0623 | ADDRESS: 1 1ST AVE, RUSTENBURG, 0300

PRICES VALID 1 JUNE 2023 UNTIL 30 JUNE 2023 ONLY.

**BOSBUL SUBLIMATED CAMO HUNTING JACKET -MEN**



HJAC-SIZE

**R1 199**

**REMINGTON AMMO 9MM PARA**




RE850

**R399**

**LITHGOW CROSSOVER .308 WIN RH POLY LA102 BLACK**



LTG37002-5CS2

**R19 999**

**BERETTA BRX1 SYNTHETIC .30-06 SPRG**



A3213213111111

**R32 999**

**SAKO GAMEHEAD .243 WIN 100 GRAIN**




C615113ESA10

**R799**

**BOSBUL SUBLIMATED CAMO HUNTING JACKET -LADIES**



HJAB-SIZE

**R1 199**

**CAT FOLDING KNIFE WITH YELLOW HANDLE**



CAT980011IG

**R199**

**LEE 50TH ANNIVERSARY KIT**

- LEE BREECH LOCK CHALLENGER PRESS
- LEE SAFETY PRIME - RESIZING LUBRICANT
- LEE PERFECT POWDER MEASURE WITH STAND
- LEE PERFECT POWDER FUNNEL - LEE SAFETY SCALE
- CHAMFER TOOL - LEE CUTTER WITH LOCK STAND
- PRIMER POCKET CLEANER
- LEE QUICK LOCK CASE TRIMMER
- BREECH LOCK BUSHING
- LOCK WRING WRENCH




rlee-90050

**R3 499**

**WRAP A BUCK CARCASS TRANSPORT BAG**



WAB

**R1 399**

**FROZEN FC50 CAMPING FRIDGE/FREEZER 50 L**



FC5017

**R7 799**

Prices valid from 1 June 2023 until 30 June 2023 at Rustenburg Arms & Ammunition only. Unless we state a specific limitation, Rustenburg Arms & Ammunition will attempt to have sufficient advertised stock available to meet consumers' anticipated needs. Should we still run out of stock, we will attempt to obtain the stock or we will offer you a reasonable alternative. At Rustenburg Arms & Ammunition we take special care to ensure that the adverts placed are correct. If a mistake occurs or incomplete information is printed, we will display a notice in-store with all the correct details. Prices include 15% VAT. CASH OR CREDIT CARDS ONLY.

DISCOUNT MIDAS
014 592 0623

# ONE LAST HUNT FOR AN OLD LEGEND

# 1873 TRAPDOOR CARBINE

***A U.S. warhorse meets a blue wildebeest.***



Thomas Montgomery with a blue wildebeest bull and the 140-year-old Springfield Trapdoor carbine.

**HISTORY OF THE SPRINGFIELD ARMORY**

Springfield Armory was established in Springfield, Massachusetts, by the U.S. Congress in 1794 and had an illustrious history. Initially starting with smoothbore muskets, they soon moved on to rifles, with the Armory producing more than 840 000 rifled muskets in .58 calibre between 1858 and 1865. After the American Civil War (1861-1865), it became clear that the way forward was to adopt a self-contained metallic cartridge. From 1865 to 1873, the Armory experimented with different ways of converting muzzle-loading muskets into breech-loading rifles.

Erskine Allin, then master armourer at Springfield Armory, was given the task of designing a method of conversion. He came up with a very elegant and strong solution – a breechblock hinged to the top of an altered musket barrel. To operate the rifle, the user half-cocked the external, exposed hammer and pushed upwards on a thumb latch that unlocked the swinging breechblock, flipping it forward along the top of the barrel, thus exposing the rifle chamber. A single cartridge could then be inserted, the block closed, the hammer pulled to full-cock, and the rifle aimed and fired. Upon opening the breechblock again, the spent cartridge was automatically ejected.

The initial “Allin Alteration” of 1865 used a .58-calibre rimfire copper cartridge. Improving on this, Allin soon updated his design to the M1866 Model, which used the .50-70 Government cartridge containing a .50-calibre lead bullet and a charge of 70 grains of black powder. To accommodate the smaller cartridge, the barrels on existing muzzleloaders had to be sleeved. The first of the .50-70 firearms were all of rifle length (32" barrel length), whilst the carbine role was still being filled by the Spencer and Sharps carbines. Although the M1866 gained a favourable reputation during the Indian Wars, it wasn’t without its faults – the most alarming being that the breechblock tended to swing open inadvertently whilst firing the rifle!

Further development and refining led to the adoption of the .45-70 Government cartridge in 1873. By this time, it was considered easier to build new rifles from scratch rather than using converted muskets. In 1873, the rifle with a 32" barrel was officially adopted by the U.S. military as the Springfield Model 1873 rifle. It soon got the nickname “Springfield Trapdoor” since the upward-opening breech mechanism resembled a trapdoor. The Model 1873 carbine was taken into service at the same time, using a 22" barrel and a shorter stock than the rifle. Eventually, Springfield Armory would produce approximately half a million Trapdoor rifles and carbines over a period spanning about 20 years.

Very popular amongst U.S. troops, the .45-70 cartridge proved to be a capable man-



The featured Model 1873 carbine in full length.

stopper and could also easily bring down a horse. The rifle cartridge, which used a 450-grain lead bullet backed by 70 grains of black powder, was deemed to have excessive recoil when on horseback, so a special reduced load was specified for the carbine version. This carbine load consisted of a 405-grain bullet and 55 grains of black powder. Both these rounds proved deadly, with soldiers claiming it would shoot accurately and deliver a big punch up to 500 yards. Some soldiers did complain about the recoil, claiming the Trapdoor could easily knock down two men with each shot – the man it hit and the man who fired it! The Trapdoor carbine is famous for being used in General Custer's last stand at the Battle of the Little Big Horn. Original M1873 carbines that were actually used at the Little Big Horn are worth a small fortune today.

After the Trapdoor series of rifles, the U.S. Army used an adaption of the Norwegian-designed Krag-Jørgensen bolt-action repeating rifle from 1894 to 1904 (making it the U.S. standard-issue rifle with the shortest service life ever). Approximately 340 000 of these U.S. Krag rifles were produced in .30 Army (.30-40) calibre by Springfield Armory. The U.S. Krag was vastly outperformed by the Spanish M1893 Mauser during the Spanish-American War. After the war, the M1893 was used as a template for a new bolt-action rifle. The new rifle was designated the U.S. Model of 1903 and was originally chambered in .30-30 calibre. In 1906, however, the U.S. adopted the famous .30-06 round and virtually all M1903 rifles were rechambered for the new cartridge. Used during WWI, WWII, and even the Vietnam War, the M1903 Springfield rifle obtained legendary status and was much loved by U.S. troops. Springfield Armory was the developer and one of the major manufacturers of the M1903, and in total around 3.3 million M1903 rifles and variants were produced.

PROUDLY DISTRIBUTED BY DELTA FIREARMS
WWW.DELTAFIREARMS.CO.ZA
DELTA FIREARMS
PLEASE NOTE: The advertisement for products may contain images that differ from the actual product. Changes to the product or promotions offered may occur without prior notice. Delta Firearms (Pty) Ltd. is a licensed register firearms distributor that only supplies goods to retailers and wholesalers. NOT TO THE PUBLIC. For more information related to the product, please contact your local licensed gun dealer.

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

**KONTAKINLIGTING/CONTACT INFORMATION:** SAJWV - Inyathipark | SAHGCA - Inyathi Park
**ADRES/ADDRESS:** Plot 3, Mountain Drive 7, Derdepoort, Suid-Afrika/South Africa
**TELEFOON/TELEPHONE:** (Suid-Afrika/South Africa) 0861 SAHUNT (724 868) | Internasionaal/ International: +27 (0) 12 808-9300
**E-POS/E-MAIL:** admin@sahunt.co.za | **WEBTUISTE/ WEBSITE:** www.sahunters.co.za



Pierre van der Berg van Pretoria-Oos-tak. Pierre het gedurende 2022 nie minder nie as 48 goue toekennings ontvang en was toe ook fotograaf van die jaar.

# SAHGCA PHOTOGRAPHY CLUB

The Photography Club of the South African Hunters and Game Conservation Association (SAHGCA) aims to promote nature and wildlife photography within the Association. It is open to all members of SAHGCA, friends and family that share the same values as the Association. The club uses Facebook to interact with and encourage members to participate in regular photo challenges and competitions. Participation in the Association's photography competition increases annually, and we invite all paid-up members of SA Hunters to submit their entries for the 2023 Amateur Photography Competition. The purpose of the competition is to expand the



**Die wenfoto van die jaar vir 2022 was "*Chaos at the vulture hide*", geneem deur Pierre van der Berg in Zimanga Private Wildreservaat.**



Pierre van der Berg was ook die wenner in 2021 met "*Fish eagle, the take-off, Chobe River, Kasane*".





Boetie Kirchner van Griekwaland-Wes-tak se "Einde van die dag, Koppies" het 'n goue toekenning verwerf.

Association's photography portfolio. By entering the competition, you give SAHGCA permission to use your photographs on various platforms. Members will always receive recognition when their photograph is used.

While capturing our experiences through photography, it plays a fundamental role in creating awareness and is a means of sharing what is worth protecting. There is so much more to a hunt than just the hunt itself. Typically, we go on a hunting trip over a couple of days or longer. While hunting is essentially about being in nature, it gives us the opportunity to enjoy and appreciate our surroundings. Today, with the incredible technology that fits in the palm of our hand, the smartphone, all the sightings and moments out in the bush can be captured and tell the story.

Fotografie gee ook aan lede wat nie jag of sportskiet beoefen nie, die geleentheid om aan aktiwiteite deel te neem en te presteer. Die Amateur Fotokompetisie strek oor 'n 12-maandeperiode vanaf 1 Oktober tot 30 September die volgende jaar. Lede verwerf maandeliks toekennings volgens fotografiekriteria en aan die einde van die jaar/kompetisie word die wenners aangewys in elke kategorie, asook die foto van die jaar en fotograaf van die jaar. Die doel van die fotokompetisie is om lede die kans te bied om erkenning te ontvang en die Vereniging se fotobank uit te brei. Foto's wat deur die loop van die jaar silwer en goud verwerf, word op die Vereniging se Gala-aand tydens die jaarlikse kongres vertoon. Die wenner van 2022 se foto van die jaar en fotograaf van die jaar was Pierre van der Berg. Pierre het ook in 2021 die foto van die jaar gewen en Sasha Bornman was fotograaf van die jaar. Die Amateur Fotokompetisie se reëls is beskikbaar op die Vereniging se webwerf.

Die Fotografieklub skep elke twee maande 'n nuwe foto-uitdaging en die temas wissel van interessante tot buitengewone tot tegniese onderwerpe. Teen die einde van die uitdaging kies die bestuurders van die kompetisie die top 50 foto's en dan kry hierdie groep se lede die geleentheid om vir die wenfoto te stem. SA Jagters borg telkens 'n pragtige boek as prys vir die wenner.

Fotografie is deel van die menige voordele wat SA Jagters se lede geniet. Aanlyn sessies word van tyd tot tyd aangebied en "*how-to guides*" word op die webwerf asook die Fotografieklub se Facebook-blad geplaas. Ons nooi alle lede, hulle vriende en families uit om lid van die klub te word. Vir meer inligting oor hoe om vir die SA Jagters Amateur Fotokompetisie in te skryf of by die SA Jagters Fotografieklub op Facebook aan te sluit, kan lede vir Marette Bennett e-pos by *sahuntphoto@gmail.com*. Sluit ook gerus by ons aan op Facebook.

# BOKSPOG

*Stuur jou jagfoto's na: bokspog@sahunter.org*

## WENPRYS

GEBORG DEUR:

*Stevenson Hamilton*

**Die wenner van hierdie maand se Bokspog, Wentzel Jordaan, wen 'n produk beskikbaar op Stevenson Hamilton se webtuiste *www.stevenson-hamilton.co.za* ter waarde van R800. Baie geluk, Wentzel! Om jou prys te eis, stuur 'n e-pos na: *admin@promark.co.za***



**HANNES MARITZ, Upington, Noord-Kaap.** Vlakvark, Sako .243, 90 grein Hornady ELD-X, 183 meter.




**WENTZEL JORDAAN, Tosca, Noordwes.** Koedoe, Steyr-Mannlicher, .30-06 Sprg, 180 grein Sus-Tac, 110 meter.



**BRANDON JERLING, Kimberley, Noord-Kaap.** Springbokram, .30-06 Sprg, 180 grein Hornady InterLock.



**CHRISTO FOURIE, Koës, Namibië**. Gemsbok, Tikka, 178 grein Hornady, 150 meter.



**MACHIEL ERASMUS, Ellisras, Limpopo.** Rooibok, .30-06 Sprg, 180 grein, 120 meter.



**JACQUES DU PLESSIS, Pongola, KwaZulu-Natal.** Vlakvark, Sako, .260 Rem, 120 grein Federal Fusion, 40 meter.



**KOBUS WIGGETT, Kimberley, Noord-Kaap.** Gemsbok, CZ .375, 300 grein PMP, 110 meter.



**LOUWTJIE VORSTER, Maokeng, Vrystaat.** Swartwildebees, .300 Win Mag, 200 grein Sierra GameKing.



**ETTIENNE VERMAAK, Bethal, Mpumalanga.** Blesbok, .30-06 Sprg, 180 grein, 140 meter.



**FRANCOIS VAN DER HORST, Alldays, Limpopo.** Rooibok, Steyr-Mannlicher, .30-06 Sprg, 180 grein Rhino, 130 meter.

## VEREISTES VIR BOKSPOG-FOTO'S

**SA JAGTER/HUNTER publiseer geen foto's van die volgende nie:**

- **Kinders jonger as 10 jaar oud.**
- **Oormatige bloed op bokke of op die grond.**
- **Jagters met bloedbesmeerde gesigte.**
- **Jagters wat bo-op 'n gejagte dier sit of handgebare toon – dis oneerbiedig teenoor die dier.**
- **Foto's met "plakkate" waarop die jagafstand verskyn.**
- **Foto's waarop drank verskyn.**
- **Foto's waarvan die resolusie/kwaliteit onvoldoende is. Foto's moet verkieslik 1 MB groot wees. (Stel jou kamera op die hoogste resolusie/fotogrootte.)**
- **Enige foto wat jag in die oë van die algemene publiek in 'n swak lig sal stel.**

**Jou foto moet vergesel word van die volgende inligting in hierdie spesifieke volgorde: Jagter se naam en van; naaste dorp/stad; provinsie; spesie gejag; geweerfabrikaat; geweerkaliber; koeëlgewig in grein; koeël se maak; jagafstand. Uit die aard van die saak ontvang ons maandeliks baie meer inskrywings as waarvoor ons spasie het. Wees dus asseblief geduldig indien jou foto nie dadelik geplaas word nie. Stuur jou jagfoto's na: *bokspog@sahunter.org***



Teleskope op my werksgewere (v.l.n.r.): Leupold VX3 1.5-5x20 op 'n 9.3x62 Mauser, Leupold VX-2 op 'n .375 H&H, 'n Leupold VX-3HD 3.5-10x40 op 'n .30-06 Springfield en 'n Leupold VX-6 3-18x44 op 'n 6.5 Creedmoor.

# TELESKOPE IN DIE JAGVELD

*Van elande, hoëvergroting-teleskope en 'duct tape'.*



Deur THINUS STEYN

Die trop elande wei rustig weg van ons af. Ons sit plat in die skaduwee van 'n taaibos en wag tot die laaste een oor 'n lae rantjie voor ons verdwyn. Dan staan ons op en volg die trop. Agter die rantjie is 'n reeks vlak klofies wat soos ribbebene van die berg af loop. As die elande iewers in 'n kloof of teen 'n rif gaan staan, het ons 'n goeie kans op sukses. Dit is die jong jagter se eerste eland. Om die waarheid te sê, dis sy eerste bok groter as 'n rooibok. Hy is erg opgewonde en effens benoud. Sy skoonpa betaal vir die eland. Hoe gelukkig kan 'n jong jagter wees?

Ons stop onder die kruin van die rantjie en ek beduie dat hy sy geweer moet laai. Hy stoot 'n rondte in die .308 Howa se loop, sit die veiligheidsknip op en vroetel met die 6-24x50 Nikon. "Hou die vergroting laag," fluister ek in sy oor. Hy knik.

Ek loer om 'n bos op die rantjie; teen die oorkantste hang staan 'n halfdosyn elande. Effe eenkant, langs 'n groot rooi rots, staan 'n jong bul. Ek maak die skietstokke staan sodat die jagter net-net om die regterkant van die bos kan sien en beduie hy moet aanlê. Dan verduidelik ek saggies watter eland hy moet skiet. Hy sê hy sien hom, die opgewondenheid duidelik in sy stem hoorbaar. Die eland staan plankdwars, 150 meter weg.

"Skiet hom in die vou agter die voorbeen, 'n derde van on-



**BO: Die gemsbok is met 'n 9.3x62 Mauser met 'n 3-9x40 Leupold-teleskoop gejag. Die deursneejagter het niks meer as 'n 3-9x nodig nie.**

**ONDER: Jimmy en Rebekah Covas van North-Carolina wag vir 'n gemsbokbul om op te staan. Die teleskoop is 'n Leupold VX-6 3-18x44 op 'n .30-06 Springfield. Die jag het suksesvol geëindig.**

der af," gee ek raad. Ek wag vir die skoot, maar dit kom nie. Bokkoors, vermoed ek. "Kalmeer," fluister ek en vra dan: "Wat is fout?"

"Ek kan hom nie sien nie..."

"Langs die groot rooi rots," verduidelik ek.

"Ek sien hom, maar ek kry hom nie in die *scope* nie!"

Ek steek my hand oor sy skouer en draai die Nikon se vergroting terug na 6x toe.

"Ok, ok, ek het hom!" sê hy. Dan draai hy egter die vergroting weer na maksimum toe. "Nou sien ek hom weer nie!"

Die eland, verveeld met sy huidige staanplek, draai en stap stadig oor die rantjie met die ander vyf wat hom volg.

"Hoekom het jy dié teleskoop gekies?" vra ek. Hy verduidelik die man by die winkel in Johannesburg het gesê dit is die beste teleskoop vir jag. "Hoe sterker»





'n Jong bul, gejag met 'n 9.3x62 Mauser met 'n 3-9x40-teleskoop. Die 3-9x-teleskope is 'n uitstekende keuse vir beginners én ervare jagters.

» jy hom stel, hoe akkurater word hy!" deel hy my mee. Ek haal diep asem en verduidelik dan van teleskope, gesigsveldwydte wat afneem soos die vergroting hoër gestel word, en dat hy op dié afstand net so raak sal skiet met die teleskoop op 6x as op 24x, maar dat hy die bok baie makliker gaan vind. Hy knik, maar ek kan sien hy glo my nie. "Stel die teleskoop op 6x en los hom daar," gee ek raad. "Ons is te naby vir 24x."

Ek loer versigtig oor die volgende rantjie. Die elande is weer daar. Die jong bul staan met sy agterlyf agter 'n bos, effens skuins weg van ons af. Ek kry nie die skietstokke staangemaak nie, maar daar is 'n plat rots, omtrent borshoogte, voor my. Ek haal my knapsak af en sit dit op die rots neer. Dan beduie ek die jagter moet aanlê. Ek verduidelik waar die eland is en waar hy die skoot moet plaas. Hy lê aan, maar skiet nie. Ek loer oor sy skouer – die .308 se tromp beweeg desperaat van links na regs; die teleskoop is op 24x gestel. Ek rek oor sy skouer en draai die vergroting af. Een van die elande sien die beweging en begin beweeg, gevolg deur die res van die trop.

"Jis, hulle wil net nie lank genoeg stilstaan nie!" bekla my jong kliënt sy lot.

"As hulle enigsins langer staan, gaan daardie bul 'n trofee wees teen die tyd wat jy hom skiet," merk ek droogweg op.

Die jongman sug swaar. Hy lyk ongelukkig. "Kom ons wag eers 'n rukkie sodat hulle rustig kan raak," stel ek voor.

"Gee my 'n bietjie jou geweer. Ek wil iets kyk." Hy loer onderlangs na my. Ek kan sien hy vertrou nie die vrede nie, maar hy maak die Howa veilig en gee hom vir my aan. Ek neem die geweer en vroetel in my knapsak. Daar is spaarbatterye vir my afstandtaster en GPS, 'n wondverband, sonskerm, 'n spaarmes, 'n kompakte kamera en 'n rolletjie *duct tape*. Ek haal die kleefband uit. Jare gelede het ek 'n Amerikaanse chirurg gevra wat die belangrikste



'n Rooihartebeesbul gejag met 'n 6.5 Creedmoor met 'n Leupold VX-6 3-18x44-teleskoop. Dit is 'n baie veelsydige teleskoop, maar die maksimum vergroting is hoog genoeg dat dit probleme vir onervare jagters kan veroorsaak.

noodhulpitem is om saam te dra. Sy antwoord het my verbaas: "*Duct tape, always carry duct tape.*"

Genadiglik het ek nog nooit nodig gehad om ernstige wonde met *duct tape* toe te plak nie. Dit het egter al vele kere handig te pas gekom vir herstelwerk aan skoene, klere en skietstokke. Ek stel die Nikon op 6x en plak die vergrotingsring met drie draaie *duct tape* vas. Dan gee ek die geweer terug aan sy eienaar.

Ons kry die elande twee klofies verder. Die bulletjie staan met sy boude na ons toe, maar 'n vet, jong vers staan plankdwars net minder as 200 tree weg. Ek stel die skietstokke versigtig agter 'n bos op en ons beweeg soos trapsuutjies na regs totdat die jagter 'n oop skoot het. Die koeël tref die eland presies in die vou agter die voorbeen, net onder die vertikale middellyn van die lyf. Die vers hardloop 50 tree bult-af en val. Ek skud die jagter se hand en hy glimlag van oor tot oor.

**Meer is nie altyd beter nie**

Ek onthou 'n tyd toe vastevergroting-teleskope koning gekraai het, 'n tyd toe 'n langafstandjagteleskoop 'n vaste 6x was en 'n tyd toe teleskope met verstelbare vergrotings met agterdog bejeën is. Daardie tyd is lankal verby. 'n Plaaslike jagter kyk 'n ruk terug na die 3.5-10x40 Leupold op my vrou se 7x57. "Oulike bosveld-skoupie," sê hy. Laserafstandtasters en teleskope wat skuts toelaat om presiese en herhaalbare afstandverstellings in die veld te doen, het die speelveld verander. Skielik is almal 'n "sniper" en groter teikentipe of taktiese teleskope is beter, selfs noodsaaklik selfs vir jagters wat nooit verder as 200 tree kan of behoort te skiet nie. Toerusting, reken die man op straat, kompenseer vir 'n gebrek aan kennis en vernuf. Ongelukkig werk die lewe in die jagveld nie so nie.

**Daar ís 'n plek vir hoëvergroting-teleskope in die jagveld**

Hoë vergroting, veral wanneer dit met verstelbare parallaks gekombineer word, maak dit makliker om 'n teleskoop baie presies in te stel – belangrik vir langafstandskiet. Hoë vergroting maak dit ook maklik om klein groeperings te skiet en is belangrik vir jagters wat presiese ladingontwikkeling doen. En, soos baie voorstanders van hoëvergroting-teleskope tereg sal uitwys, jy hoef nie die teleskoop heeltyd op die hoogste vergroting te stel nie. Om die waarheid te sê, dit is beter om dit nie te doen nie. Die probleem is egter dat dit kennis en ervaring verg om 'n hoëvergroting-teleskoop effektief in die jagveld te benut.

Vir die jagter wat een of twee dae per jaar op die skietbaan uitkom en een of twee keer per jaar jag, is 'n hoëvergroting-teleskoop met parallaksverstelling en taktiese stelknoppe 'n las eerder as 'n bate. In my meer as 20 jaar as beroepsjagter het ek nog nooit 'n jagter gesien wat 'n geleentheid vir 'n skoot op 'n dier misloop omdat sy teleskoop se vergroting te laag is nie. Ek sien egter elke jaar etlike jagters wat kanse verbeur omdat hulle nie hul prooi kan vind deur 'n teleskoop wat op 'n hoë vergroting gestel is nie. »



**'n Groot eenhoring-springbokram. Die bok is op 300 meter geskiet met 'n .300 Win Mag met 'n Leupold VX-2 3-9x40. Die 3-9x40/3.5-10x40-teleskope is 'n goeie keuse vir 'n jagter wat op vlaktes sowel as in die bos wil jag.**



**Gene Kelly van die VSA met 'n pasmaak-Remington in .308 Win waarop 'n Leupold Mk-4 4.5-14x50 FFP taktiese teleskoop gemonteer is. Taktiese teleskope werk goed vir vlaktejag mits die jagter die ervaring het om dit doeltreffend te gebruik. Ek sal nie hierdie teleskoop vir 'n onervare jagter aanbeveel nie.**

18+

# WHAT IS AVAXHOME?

AVAXHOME -

the biggest Internet portal, providing you various content: brand new books, trending movies, fresh magazines, hot games, recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price
Cheap constant access to piping hot media
Protect your downloadings from Big brother
Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages
Brand new content
One site

AVXLIVE.ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open https://avxlive.icu



'n Taktiese teleskoop (Leupold Mk-5) in sy natuurlike habitat op 'n 1 000-meter-ghongbaan.

» **Hoeveel is te veel?**

Die meeste van die teleskope op my jaggewere is 1.5-5x20, 3-9x40 en 3.5-10x40, maar ek het 'n 3.5-18x44 op my .30-06 en 'n 6.5-20x50 Leupold Mk4 op my 6.5 Creedmoor. Beide die teleskope het verstelbare *turrets* vir afstand en wind, asook verstelknoppe vir parallaks. Die 6.5-20x50 het ook die kruishaar in die eerste fokale veld; wonderlik vir langafstandwerk, maar nie so goed vir skielike kortafstandskote nie. Ek het nog net twee kanse op wild verbeur met die Creedmoor met die teleskoop op minimum vergroting. Statisties is dit onbenullig, maar 'n insident 'n paar jaar gelede het my baie stof tot nadenke gegee.

**Skiet, SKIET, SKIET NOU!**

Die jong vlakvarkbeer is effens nader as 100 tree. Ek en 'n goeie vriend van my se seun staan in 'n voetpaadjie met ruie bos aan weerskante van ons. Hy is gemaklik op die skietstokke, sy geweer gelaai, die 4-12x40-teleskoop op 12x gestel. Ek het 'n ou .300 Win Mag met 'n 3-9x40-teleskoop, op 3x gestel. My geweer is in my hande en omdat ek heelwat korter as my medejagter is, staan ek langs hom in plaas van agter hom. Wanneer die skoot klap, gee die vark luidkeels uiting aan sy ongenoeë. Dan spin hy in die rondte voordat hy wegspring, reguit in ons rigting. "Skiet," gee ek kalm raad. Die vark is nou 60 tree weg, maar die afstand krimp vinnig en ons het geen beweegruimte nie. "Skiet, SKIET, SKIET NOU!" beveel ek, maar niks gebeur nie. My 3x-teleskoop is vol vark wanneer ek die skoot aftrek. Die beer steek sy neus in die grond en maak 'n perfekte wawiel. Die 60 kg-vark val 'n doringtak so dik soos my boarm mors af. As ek twee tree vorentoe gee, kan ek met my geweerloop aan die vark raak. Ek tree die afstand af na die plek waar die vark was toe die skoot afgegaan het nadat ek doodseker is hy is dood – veertien kort, bewerige tree.

"Hoekom skiet jy nie?" vra ek die jagter toe ek weer sonder bewe in my stem kan praat.

"Ek kon hom nie in my *scope* kry nie," kom die antwoord.

Ek weet die vark het ons nie gestorm nie; hy het gevlug en ons was in sy pad, maar 'n vark van 60 kg wat jou teen 35 km/h tref, kan jou dag heeltemal ruïneer. Het ek daardie dag 'n geweer met die 6.5-20x50-teleskoop gedra, sou ek nie daardie varkbeer kon skiet nie, selfs met die teleskoop op die laagste vergroting.

**Maar hoe groot is dan té groot?**

As jy meestal in die bos jag of dieselfde teleskoop vir bos- en vlaktejag gebruik, sou ek sê 'n teleskoop met 'n 2.5-8- of 3-9-vergroting is 'n sinvolle keuse. 'n Teleskoop met 'n maksimum vergroting van 8x-9x werk goed tot op 300 meter. Ek het al heelwat wild met 'n 1.5-5x20 Leupold tot op 300 meter geskiet en dit het nooit moeilik gevoel nie. 'n Vergroting van 8x-9x laat jou egter toe om beter te sien. Aan die ander kant is 'n 2.5x-3x-vergroting heel effektief op skote tot so naby as 10-15 tree, veral as jy met beide oë oop skiet. Daar is deesdae teleskope beskikbaar met 'n 1-8x- en selfs 1-10x-vergroting. Dit is baie moeilik om aan 'n situasie in die jagveld te dink waar 'n 1-10x nie doeltreffend sal wees nie. Vir 'n beroepsjagter wat gevaarlike wild jag of vir 'n jagter wat in 'n gebied met gevaarlike wild jag, maak 'n teleskoop met 'n minimum vergroting van 1x-1.5x sin.

Vir vlaktejag, waar kortafstandskote onwaarskynlik is, sal 'n minimum vergroting van 6x werk, maar wees versigtig wanneer jy gekweste diere nader. As jy onseker is of die dier wel dood is, skiet eerder 'n opvolgskoot op 50 tree. Vir dié soort jag is 'n hoër maksimum vergroting nie 'n probleem nie, maar ek vind dat ek selde meer as 12x gebruik, selfs al is dit beskikbaar. 'n Hoë vergroting maak dit ook moeilik om te skiet wanneer die mirage sterk loop op die vlaktes. Vir vlaktejag is 'n 3-18x of selfs 'n 6.5-x20 'n goeie keuse indien jy met die teleskoop vertroud is. Moet weereens nie die teleskoop op maksimum vergroting draai nie.

Hou een ding in gedagte wanneer jy 'n jagteleskoop aanskaf – kwaliteit is belangriker as kwantiteit. Meer vergroting of 'n magdom ingewikkelde funksies gaan jou nie beter laat skiet nie, maar optika van goeie kwaliteit maak 'n merkbare verskil, veral in swak lig.

**Raak vertroud met jou teleskoop**

Ongeag watter teleskoop jy koop, dit is uiters belangrik dat jy vertroud raak met jóú teleskoop. Hoe meer funksies en fieterjasies die teleskoop het, hoe meer tyd gaan jy moet bestee om dit baas te raak. Onthou dat jou sukses in die jagveld in 'n groot mate afhang van jou vermoë om jou teleskoop effektief te gebruik. Wanneer jy sekondes het om die koeël en die bok bymekaar te bring, het jy nie tyd om 'n gebruikersgids te raadpleeg, te wonder in watter rigting die vergrotingsring gedraai moet word, of met die parallaksverstelling te sukkel nie. 'n Paar jaar gelede het een van my kliënte 'n eland misgeskiet omdat hy die *windage turret* 'n paar maal in die rondte gedraai het want hy wou die parallaks verstel.

Moenie skaam wees om raad te vra nie, maar maak seker jy vra iemand wat werklik goeie praktiese kennis van jagteleskope het.




Portman Co
UNLIMITED

Daystate and Brocock distributed by Portman Co

**www.portmanco.co.za**

**email: portmanco@outlook.com tel: 073 579 3289**

Dealer enquiries welcome. Terms and conditions apply.




# PIRATED COPIES

Over the past few years, pirated copies of SA JAGTER/HUNTER have been circulated regularly via social media, mostly as a PDF document on WhatsApp. The most recent case was the Jan/Feb 2023 edition. We would like to draw readers' attention to the fact this is in contravention of the Copyright Act (Act 98 of 1978) and that a breach is punishable with a jail sentence. The act also allows for the publisher to claim civil damages from the transgressor/s for damages suffered.

We appeal to our readers not to commit such an offence, even though it may seem harmless to just forward a PDF document to your hunting and shooting friends. The magazine is a business, and just like any other business, our livelihood depends on our product – by distributing a pirated copy, a person is in fact giving away something for free that does not belong to them.

WhatsApp's terms and conditions also prohibit these actions and WhatsApp may suspend the account of a user that is in breach of these policies.

We are hot on the trail of the source and will not hesitate to take legal action against any person or institution who distributes pirated copies of the magazine in future. If you have any information that can help us identify the source of the pirated copies, or just want to report that you have received such a copy, please contact the editor at *francois@sahunter.org*




# ROOFKOPIEË

Die afgelope paar jaar is daar gereeld roofkopieë van SA JAGTER/HUNTER op sosiale media versprei, meestal as 'n PDF-dokument op WhatsApp. Die mees onlangse geval was die Jan/Feb 2023-uitgawe. Ons wil lesers se aandag daarop vestig dat dit 'n oortreding van die Wet op Outeursreg (Wet 98 van 1978) is waarvoor tronkstraf opgelê kan word. Die wet bepaal ook dat die uitgewer 'n siviele eis vir skadevergoeding teen sodanige oortreder/s kan instel vir skade gely.

Ons doen 'n dringende beroep op ons lesers om hulle nie skuldig te maak aan hierdie misdryf nie, selfs al lyk dit oogloppend onskuldig as jy net die PDF-dokument aan jou jag- en skietvriende stuur. Die tydskrif is 'n besigheid, en net soos enige ander besigheid, is ons bestaan direk aan ons produk gekoppel – deur 'n roofkopie te versprei, gee jy in werklikheid iets gratis weg wat nie aan jou behoort nie.

WhatsApp se gebruikersbepalings en -voorwaardes stipuleer ook dat dit 'n verbreking is van hul beleid en dat hulle 'n WhatsApp-rekening permanent kan opskort indien so 'n misdryf gepleeg word.

Ons is warm op die spoor van die bron en die tydskrif sal nie huiwer om regsaksie te neem teen enige persoon of instansie wat hulle in die toekoms hieraan skuldig maak nie. As jy enige inligting het wat ons kan help om die bron van die roofkopieë te identifiseer, of ons net wil inlig dat jy so 'n kopie ontvang het, stuur asseblief 'n e-pos aan die redakteur by *francois@sahunter.org*


Ridgeline of New Zealand
WWW.RIDGELINECLOTHING.CO.ZA
LIFETIME WARRANTY
24-MONTH WARRANTY
12-MONTH WARRANTY
TOUGH GEAR
TOUGHER YOU
RIDGELINE CLOTHING Back in South-Africa...here to stay.
Ridgeline Clothing is a well-established brand known for its high-quality outdoor
New Zealand in 1993, the brand has since expanded to other parts of the wo
Ridgeline of New Zealand
SCAN & LIKE
TO WIN
THIS HAMPER WORTH R6,000
RIDGELINE HAMPER INCLUDES: x1 Ascent Softshell Excape Jacket, x1 Buffalo Camo Slasher Cap, x1 Buffalo Camo 45L Coffin Gear Bag, x1 Bushmaster Sling, x1 Classic Soft Rifle Bag. Scan the QR code to visit our competition post on Facebook and Instagram. Like the post, like our page and tag three or more friends to stand a chance to win. A random winner will be selected and contacted via social media. Competition ends 2023/06/30. PLEASE NOTE: The advertisement of products may contain images that differ from the actual product. Changes to the product or promotions offered may occur without prior notice. For up-to-date information, please visit our social media pages. This promotion is in no way sponsored, endorsed, or administered by, or associated with Facebook Instagram or SA Jagter/Hunter Magazine.





TOP: The second-last lesson before the hunt.

LEFT: The many lessons in firearm control and breathing techniques are showing dividends.

# OF FATHERS AND DAUGHTERS

*Sharing a passion for hunting with your family is a huge privilege.*



Where it all started. The three-year-old Chane on the bakkie with her dad and brother.

In the April 2016 edition of SA JAGTER/HUNTER, I wrote an article titled "Hunting – Of fathers and sons" in which I told the story and journey of raising and teaching a young boy to hunt. In the last paragraph, I mentioned I had a daughter, Chane, who was also interested in hunting and, at the time, started joining her brother and me in the veld with her BB rifle. She was only three years old then but showed a keen interest in hunting and being out in the bush. This is her story.

Chane accompanied her brother and me in the hunting fields, where we would do feathered hunts on a nearby farm. In the beginning, she would just sit and watch, but as her interest grew, she started taking potshots at birds sitting in nearby trees with the BB rifle. They were way too far for the rifle to have any impact on them, but she was learning how to hold, handle and smoothly fire the little gun, all traits that would later bring success on her first fur game hunt. As she progressed, we slowly moved her to the 4.5mm air rifle with which she later shot her first dove – a photo I wish I still had but sadly lost when my cell phone was destroyed.

Chane eventually "graduat-






TOP: A six-shot grouping at 100 m during the final lesson.
LEFT: The final lesson one month before Chane's hunt.
BOTTOM: Success at last! A neck shot at 85 m through dense bush after a rough stalk.



ed" to using the .22 LR, and we quickly realised she had a natural ability for shooting. She would get "iffy" if, for some reason, we could not go shoot that coming weekend. Her love for the bush and all its creatures grew, and she quickly learned to enjoy the finer tastes of hunting success as our family eat everything we shoot – dove pie, dove breasts grilled on the open fire, slow-cooked geese, duck stew, and duck breasts quickly seared on open flames, still pink inside. She learned to savour them all, even frog legs on an open braai, to the horror of friends who were with us that day. She even shot, slaughtered and ate the first wild hare she took with the .22 rifle. She had become completely at home in the bush.

After many years of practice on the range and in the veld, the time had come for Chane to hunt her first buck, just like her brother did. But alas, Covid had other plans and her 2020 hunt was stopped in its tracks. I spent the entire 2020 hunting season trying to explain to an eight-year-old girl why we were not allowed in the hunting fields, even though the logic did not even make sense to me. After calling our booked hunting outfitter and being told we would unfortunately lose our deposit if we did not pitch up, the "hunt" was on to find a new hunting spot for 2021.

We contacted a hunting outfitter in Brits and secured our July hunt for 2021, which sort of calmed us down. We all held our breath and silently prayed that the government would not impose another lockdown. Then the preparations started. Many hours and days were spent practising and getting Chane ready mentally and physically as this was very different territory from what her brother had hunted all those years ago. She would have to cope with close-up shots through dense bush and very long, thorny stalks.

My daughter's persistence and effort quickly paid dividends and she became an excellent on-target shot with the Savage .243 Win. Her patience was the key to learning breath control when shooting off »



Game bird hunting at three years old.

» the sticks, and her attention to detail made firearm safety lessons a breeze. She spent hours studying the vital organs of different species, so that shot placement always meant a one-shot-kill scenario. Her practice on animal targets gave her a better idea of what she would be looking at through the scope when the time came.

The day finally arrived. Upon reaching the hunting farm, we saw it had received massive amounts of water and the bush was even denser than we anticipated. Our first day started with a 7 km thorny slog, with just two glimpses of the rear ends of three impala ewes, but no shot opportunity. I immediately noticed two things that were different to when I hunted with my son back in the day. Firstly, Chane was very quiet and not as boisterous as her brother. Secondly, she was much more focused and patient. She also picked up on the natural beauty of her surroundings and often stopped to look at a beautiful veld flower or rock formation. It was a long, hard walk and by the end of it, my now nine-year-old was so tired that she fell asleep very early that evening after a quick supper and a lot of liquid.

On day two, we decided to use the bakkie to find the impala herds. The plan was to stalk them on foot once spotted in the hope of getting a shot. However, this was easier said than done. After finding several impala herds in the thick, unforgiving bush, we had once again tracked at least 4 km when eventually coming across a herd standing in more open veld. We climbed off the bakkie and very slowly made our way towards them.

After circling to get the wind in our favour, we managed to get within 100 m of the impala. As the bush between them and us was very dense, we would have to break cover for a relatively clean shot. Crouching down, we began the painstakingly slow stalk towards the herd. At about 80 m, a young female walked clear of the bush between the "V" of two overhanging sickle bushes, giving Chane a clear view of her head and neck area to the shoulders but not the vitals. Once my daughter was settled on the shooting sticks, I asked if she was comfortable with the shot. She said she had a clear view of the neck and head but no frontal view as the buck was looking to our right. Asking her to confirm her shot placement, she calmly replied, "Dad, I've got this." The next moment, the shot rang out and I could clearly see the impala ewe dropping in her tracks.


Chane with the first hare she shot with the .22 LR Rifle.

Looking up from the shooting sticks in total amazement, Chane asked, "Where did she go?" As we walked forward, we found the impala lying exactly where she had taken the shot. It was a perfect shot at the base of the neck where it joined the body – an amazing shot taken confidently by a first-timer. My heart swelled with pride. Kneeling down, we said the Hunter's Prayer together and then we both carried the ewe to the nearest road for photographs. My daughter was present when we slaughtered the buck and asked many questions. She even helped remove the heart, kidneys and liver for our family's home consumption, all very valuable lessons for her hunting future.

That evening, Chane bravely accepted a respectful "blooding ceremony", and with a little persuasion, also ate the raw liver… a new hunter was born! I am well aware of the fact that the "blooding ceremony" is now frowned upon, but in our hunting family and community, it is and always will be a "rite of passage". It is done tastefully and with the utmost respect for the deceased animal, followed by a prayer to thank the Almighty for the opportunity to hunt it and for the food it will provide us. It has been 30 years since I have bought meat from a supermarket or butcher, and my children do not like the taste of "bought/shelf" meat. As hunters, we use every single part of the animals we shoot; even the bones are boiled off for pastries and pies.

On another note, this was also the first time ever my wife joined me on a hunt. Even though she will not shoot an animal herself, she is completely hooked on the experience and will never again let me set foot on a hunting farm without her. This hunt created a massively strong bond between my son and daughter, and our whole family will now hunt together every year for many years to come.

I urge all hunters to remember that although hunting as a group of men is fun and adventurous, please do not forget the ladies! They are a huge part of our lives and also deserve the tranquillity, peace and beauty that time in the bush brings. Often, they are also amazing hunters and can teach us men a lesson or two in patience!

I look forward to my next family hunt in 2023 and am quite sure that my wife will have a go at it too somewhere along the line. But even if she doesn't, just having her and my children with me while doing what I love and what is in my blood is an experience that will be forever etched in my heart. We are now a hunting family, and I have been transformed from "lone hunter" to hunting "patriarch".

JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
HUNTER

# TEKEN NOU IN!

## SUID-AFRIKA SE GROOTSTE JAG- EN SKIETTYDSKRIF!

TYDSKRIF IS OOK BESKIKBAAR BY ALLE GROOT WINKELHANDELAARS.






## TEKEN IN

E-pos: SAHunter@onthedot.co.za

WhatsApp: 087-353-1292

## VIR DIGITALE INTEKENAARS

Besoek Zinio of Magzter
en soek SA JAGTER/HUNTER

# Waar kan jy ons vind?

### NUUSBRIEF

Besoek ons webblad **www.sajagterhunter.com** en teken in op ons nuusbrief wat die eerste Donderdag van elke maand uitgaan.

### FACEBOOK

SA JAGTER/HUNTER magazine (@sajagtertydskrif) of sluit aan by ons Facebook-groep by **SA JAGTER/HUNTER-Tydskrif/Magazine**

### WEBBLAD

Om gratis artikels uit die jongste uitgawe te lees en lekker pryse te wen, besoek SA JAGTER/HUNTER-tydskrif **www.sajagterhunter.com**




# LEEUS EN LOOPMAE



Dekades gelede – die jaar toe ek my welpie gevang het. Deliah is staande, ek het die geweer in die hand en Kenneth is heel regs agter saam met die gaste op Rietvlei. Elf jaar later was ons drie en 'n ander leeu weer die hoofrolspelers.

***'n Omgekrapte leeuwyfie, 'n loopmaag en 'n Duitse doedie wat haar lyf luislang hou...***



Deur **PIERRE VAN DER WALT**

Dit was seker so 1968. Snags kon ons nog na Shangaan-dromme luister wat in Mosambiek begin dreun het, die kusvlakte oorvloei het en dan die Drakensberge getref het. Wat daarvan geword het nadat dit die Laeveld verlaat en die Draak se berge na beskaafde Suid-Afrika oorgesteek het, weet ek nie, want dit het nooit die Hoëveld gehaal nie.

Maar op die Klaserievlakte was ons maar net ons – wintertydjagters. Dan het ons snags om ons hardekoolvuurtjie se wonderprentjies met moerkoffie en kondensmelk in die hand saamgesit. Ons woordeloos verwonder aan die veraf jakkalstjanke, hiënas se giggels net-net buite die ligkring van ons vuur en leeukreune effe verder weg. Dit was my winternag-kindlewe. Snags het ek en die nagapies mekaar in die bome afgeloer. Bedags het ek wegkruipertjie met nuuskierige kameelperde gespeel en vir knorrige olifante weggehardloop.

Ander dae was dit rowwer –

soos daardie droë jaar op Rietvlei en Argyle. Die weiding was min en die bokke swak. Die leeuwyfie, haar bywyf en drie welpies het hulself by 'n Rietvlei-watergat ingeboek en soggens en saans teen drinktyd verwoesting onder die savanna se maer dorstiges gesaai. Toe wip my pa sy alie vir die leeuteef en verklaar oorlog. Vroegmôre, toe die visiere nog skaars gesien kon word, het ons by die watergat vasgesuig op die vetgevrete katgesin se spoor, wat van net nóg 'n halfgevrete wildebeeskarkas af boskant toe gelei het. Dis was te vroeg vir aasvoëls en nie eens die aasdiere kon al die vars karkasreuk vang nie.

Ek was maar tien jaar oud. In my hande was 'n 7x57 Mauser. Links van my was oom Herman de Jager met 'n 10,75x68 en regs was my pa met sy Mannlicher 9,5x56mm. Reg voor my was July met sy byl, 'n vreeslose Shangaan van langer as twee meter. Die byl was nie die miniatuur-Viking-tipe nie, maar 'n BYL waarmee July blykbaar toe al twee leeus manalleen Valhalla toe gestuur het!

July het ons gestop en vir oom Herman gefluister dat hy aan die leeu se urinemerke kon sien dat sy van ons weet. Sy gaan nie verder wyk nie. En toe kom sy... skielik... volspoed uit die lalapalms op kort afstand! Dis net sand, aggressie en tande. Ek was maar nog jonk en skrik my melk weg. Oom Herman en Pa het op hul knieë geval en oom Herman het eerste geplant. Die 347 grein Kynoch 10,75 mm-sagtepunt het haar reg in die kuiltjie getref. Ek het in stadige aksie gesien hoe die hardegat-wyfiekat met haar bek vol skrikwekkende tande die koeël se knou sluk. Haar haatgeel oë het net daar afgeskakel en haar kragtige wiele het slap onder haar bors ingevou. Doodskoot! Sy het tot so 15 tree van my af geskuif voor sy ophou flop het – en toe eers kom tyd weer vir my in werklike tempo. Dit was my ervaring van hoe dreigende bollie en dood die tyd en werklikheid kan verwring.

Toe skreeu my pa: "Staan vas! Waar is die bywyf?" Ons het gesoek, maar haar nie gekry nie. Die volgende oomblik het iets uit 'n bossie by my voete gebars. Toe ek afkom aarde toe, het ek 'n welpie sien wegsnel. Sonder om te dink, het ek agternagehol en die klein katjie uiteindelik ná 'n wilde jaagtog vasgekeer. Sy het omgedraai, op haar boudjies gaan sit en vir my 'n tande-en-naels-vertoning gegooi. Agter my het July in Ndebele (ek was 'n Hoëveld-kind) geskree: "*Phela*!" (vang!).

Ek het die welpie bespring, maar sy het my met 'n kort regterhaakhou op my regterhand geklap dat jy net bloed sien spat. Ek het my uit my geloof geskrik, maar July het weer gegil dat ek die katjie moet vang. Ek het toe my hemp uitgepluk en op die welpie gegooi. Sy het dit sissend bespring, en ek vir haar. Ek het haar agter die nek en aan die agterpote gegryp en haar soos 'n kettie gerek. Só het "Elsa" (na aanleiding van die film *Born Free*) toe my troeteldier geword.

Suidoos-Transvaal Natuurbewaring het 'n paar maande later uitgevind dat ek 'n leeu as troeteldier op die Hoëveld aanhou, maar dis 'n storie vir 'n ander dag. Uiteindelik moes ek Elsa prysgee in ruil vir 'n hond as troos. Die hond was 'n kruis tussen 'n *Great Dane* en 'n rifrug. Ek het hom Sabre genoem ter ere van ons destydse lugmagvegvliegtuie en generaal Denis Earp se tyd in Korea. Wyle Sabre is steeds een van my grootste hondeliefdes. »



**My leeuwyfie Elsa op Arnot.**



**Foto deur Nic de Bruine.**

» Omtrent 11 jaar later het my lewenslange vriend, Ken Richardson, my gebel. Hy was oom Herman van Elsa-faam se susterskind. Ons twee is gevra om 'n klomp Duitsers en familie op 'n jag op Rietvlei te begaan begelei. So gevra, so gedaan. My enigste geweer op daardie stadium was 'n wonderlike .30-06 Brno ZKK-600 waarmee ek jakkalsbeheer in die Middelburg/Belfast-omgewing gedoen het. Al patrone wat ek gehad het, was gelaai met 110 grein Speer Varmint-koeëltjies – nie eintlik eers bruikbaar vir gewone wild nie, maar wie is ek om 'n boskans te laat verbyglip?

Donderdagmiddag was ek saam met Ken en sy suster Deliah in 'n A2 Willys Jeep van Johannesburg af op pad Hoedspruit toe – 'n lang pad in 'n ongemaklike ryding. Iewers tussen Belfast en Lydenburg het Deliah gevra of ek en Ken ons malariatablette gedrink het. Ons het vergeet. Op Lydenburg het ons by die eerste apteek gestop waar hulle ons in 'n nuwe tipe malariatablet ingepraat het. In die wind wat deur die oop Jeep warrel en die geskud het ek die verkeerde instruksies gelees. Ek en Ken het elk 'n hand vol van die tablette met 'n bier afgesluk – ons is mos wilde studente! Toe ons die Strydomtonnel slaan, het ons geweet dat ons pille inhet. Voor my oë het 'n kaleidoskoop van warrelende kleure gedans. Ek kon omtrent boggerôl deur die martelende migraine sien en Ken het gesukkel om die Jeep op die pad te hou. Deliah het navigator gespeel en ons soort van tussen die wit lyn en die afgronde gehou.

Toe ons 'n paar uur later op Rietvlei stop, was ons natgesweet en erg bewerig, maar ons moes ons *pose* voor die Duitsers hou. Hulle het alreeds saam met Wessie, die plaaseienaar, om 'n groot vuur gesit. Die Duitsers wou gesels. My en Ken se koppe het elke paar sekondes geknak. Uiteindelik het ons laatnag dit lewendig bed toe gemaak.

Die volgende oggend het Deliah ons wakkergeskud met die nuus dat almal vir ons wag. Ek het gevoel asof ek bosluiskoors, malaria en babelaas onder lede het nadat Mike Tyson my vir vyftien beetgehad het. My lyf het gesê ek het die geveg wreed verloor. Ken het sy .303 SMLE en "skerppunt-ammunisie" gegryp wat die Unieverdedigingsmag nog aan sy pa uitgereik het. Ek het my Brno deur die sand Jeep toe gesleep. July en sy byl was ook daar. Die Jeep het soos 'n ystervark gelyk met 'n Duitse toeris op elke pen. Daar was geen ouderdomsbeperking nie en in my dwaal het ek ten minste vier geslagte geïdentifiseer. Die enigste afwesige was Hitler. Dit praat en lawaai en dis lewendig op die Jeepie. Ek en Ken het vir ons plek op die enjinkap gemaak en gewonder hoe ons ooit met só 'n sirkus by jag gaan uitkom. Ná 'n stadige paar kilometer deur die bos het my kakiebroekie op die enjinkap begin smeul. Ek het "eina" en iets onwelvoegliks gemompel wat selfs die Duitsers verstaan het, en van die Jeep afgespring. Wessie het die Jeep tot stilstand gebring, en soos die noodlot dit wou hê, was dit waar die droë rivier in vloedtye teen die rotse elmboog. So 30 meter onder ons was 'n paar poeletjies. Aan die binnekant van die elmboog het die gras en palms dig gestaan.

July moes toe opsluit die leeuspore tussen die poele en die palms sien. Hy het gesê dis net 'n wyfie met jong kleintjies wat seker binnekort weer by die trop sou aansluit. Wessie het opdrag gegee dat ons moet gaan kyk of die leeus nog daar is en hulle uitjaag sodat die Duisters hulle kan sien. July, Ken en ek het 'n draai gestap na 'n plek waar ons na die bedding kon afklim. Ken se oë was so rooi soos briekligte – net nie so dof nie. Ons het 'n wye draai gemaak sodat die elmboog tussen ons en die Jeep was en toe so 5 meter uitmekaar deur die amper borshoogte gras naderbeweeg. Ek was heel links en Ken heel regs. Bo-oor die palms en die gras kon ons die Jeep en die Duitsers met hul kameras, gewere en verkykers op die kransie sien.

Die volgende oomblik het die hel losgebreek! 'n Leeu het gebrul, die Duitsers het gegil en die gras voor ons het gelyk asof 'n groot wind ons kant toe kom... vinnig! Al wat ek nou en dan kon sien, was 'n geelbruin stukkie leeurug en 'n stertkwas wat gelukkig so 8 tot 10 meter voor my briekgeslaan het. Ek het geen skootkans gehad nie – dit was te ruig. Ken kon nie beter as ek sien nie. Van sy verhewe uitkykpunt het July ons ingelig dat dit die wyfie was, maar dat hy ook maar min kon sien. Ons het so stil soos Lot se vrou gaan staan. En ons het ons bekke gehou. Dis toe dat ek besef het dat ballistiese kennis vreesaanjaend is, want dit het deur my kop gemaal dat my jakkalskoeëltjie daardie wyfie nie gaan stop as sy my van 'n meter of twee uit die gras bespring nie. 'n Lastige maag word toe skielik deel van my kwale. Ek het glad nie goed gevoel nie.

Ek het vermoed dat die Duitsers se lawaai die leeuwyfie gestop het omdat die welpies toe tussen hulle en haar was.

Ek het vermoed dat die Duitsers se lawaai die leeuwyfie gestop het omdat die welpies toe tussen hulle en haar was. Sy het terugbeweeg en ek het besef dat ek my asem langer as 'n pêrelduiker opgehou het. Ken het sagweg gewonder of die wyfie 'n assistent het en of iemand agtertoe kyk om ons veiligheid te verseker. Ek het vir hom gefluister wat ek van sy wegkykidee dink. July het beduie dat ons agteruit na veiligheid moes tree. Ons beweging het egter 'n nuwe aanval uitgelok. Die Duitsers het gegil en die wyfie se rug en stert het weer net 'n paar meter van ons af gestop. My maagtoestand het nóg verder versleg, maar gelukkig het als darem binnegebly.

Elke keer as ons terugtree, het daardie wyfie gekom, maar elke keer was ons darem verder weg en het sy gouer gestop. Uiteindelik was die afstand genoeg en het sy haar aanvalle gestaak. Ons het oorversigtig na die opklimpunt en uiteindelik na die Jeep beweeg. Die Duitsers was in ekstase – dít was nou Afrika op sy beste! Ons is op die skouer geklop en daar is ywerig bladgeskud. Wat blykbaar 'n aanvallige Duitse doedie met 'n lieflike lyf was, het my kom "luislang" en terselfdertyd 'n blikkie Coke in my hand gestop. Ek weet nie of sy mooi was nie, want my visie was steeds malariapil-vaag en verder deur die adrenalien se tonnelvisie versleg. En daar kry ek nie die blikkie Coke oopgemaak met my vingers wat so dik soos kremetartbome voel nie. Gelukkig het Deliah tot my redding gekom. Sy het haar tussen my en die Duitse luislang ingewurm, die Brno staangemaak en die Coke oopgeknak. Ek kon die spot in haar stem hoor toe sy sê: "Jy beter maak of ons iets aanhet, anders betaal jy oor nege maande onderhoud in Deutsche mark!" Ek het gehoor gegee, want my kop het toe net *long drop* en katel se kant toe gestaan – in daardie volgorde – sonder hulp, afleiding of inmenging.

Dis op daardie trippie wat ek 'n paar lewensveranderende besluite geneem het. Eerstens: Enigiets kleiner as 9,3x62mm hoort net op skietbane. Met die jare en verswakkende geheue het ek wel mettertyd hieroor toegewings begin maak. Tweedens: Leeus sou nie verder deel van my vriendekring vorm nie – Elsa ten spyt. Derdens: Ek drink net pille met 'n apteker se aanwysingsplakkertjie op. Vierdens: Ek drink medisyne net met boorgatsous. Vyfdens: Ek jag nie in spanne nie. Dis ook op dié trippie wat ek al die braaitange in die vuur gegooi het en die Duitsers honger laat gaan slaap het. Nie 'n beroemde prestasie nie, maar dis 'n storie vir 'n ander dag.


BBRW
GROOTHANDELAARS VAN SLAGHUIS-, BAKKERY-, VERKOELINGS- EN SPYSENIERSTOERUSTING
JOHANNESBURG
Parkrylaan 24, Mayfair, Johannesburg
Tel: 011 833 5957 / 011 834 9373 / 082 417 6257
083 269 2558
E-pos: sales@bbrw.co.za * Webwerf: www.bbrw.co.za
Nuwe 1 000 m² vertoonkamer / Nuwe bestuur / Tegnici op die terrein
REGOP YSKAS
Enkeldeur R9 200.00
Dubbeldeur Ecoline R10 250.00
Dubbeldeur R10 995.00
BANDSAAG
Swaardienstipe
380V R24 070.00
Gratis biltongdroër
220V R25 035.00
VLEISMEUL
42-380V R24 995.00
52-380V R39 995.00
BILTONGKABINET
245l 580 x 460 x 1 080mm R6 595.00
1 250l 1 000 x 740 x 2 015mm R18 995.00
BILTONGKABINET + BEROKER 2-in-1 R3 995.00
BILTONGKERWER
R4 250.00
HANDTIPE BILTONGKERWER
R899.00
HANDTIPE VLEISMEUL
NO. 22 R797.00
NO. 32 R1 190.00
170L KOOKTOESTEL
R21 995.00
VERTOONYSKAS
R16 995.00
TREGTERS
VERSKEIE TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL EN PLASTIEK
WORSSTOPPERS
ING 4 VLEKVRYESTAAL-TREGTERS
3 lt R1 695.00
5 lt R1 995.00
7 lt R2 795.00
10 lt R3 495.00
15 lt R5 095.00
KISVRIESKAS
210 lt R2 820.00
311 lt R3 640.00
460 lt R4 960.00
530 lt R5 830.00
590 lt R6 395.00
VLEISKOEKIEMAKER
100mm R499.00
130mm R599.00
KOUEVLEISSNYER
220mm R5 195.00
250mm R6 995.00
300mm R8 995.00
BEROKER, 170L
R22 495.00
ELEKTRIESE VLEISMEUL
(Italiaans)
REBER MET VLEKVRYE-STAALRATTE
12 R5 995.00
22 R7 150.00
32 R9 360.00
VLEISMEUL-SIWWE EN -LEMME
DUBBELWASBAK
R4 740.00
VLEISVERSAGTER
R9 995.00
SAKKE
300 X 400mm R120.00 (100 sakke)
250 X 300mm R 80.00 (100 sakke)
150 X 250mm R 50.00 (100 sakke)
VRIESKAS MET GLASBOKANT
1.5m - 520 lt R8 599.00
1.625m - 600 lt R13 995.00
2.2m - 700 lt R18 295.00
ALLE PRYSE BTW UITGESLUIT
VAKUUMMASJIEN
DZ300 R11 500.00
DZ400 R14 295.00
TOEDRAAIMASJIEN
R995.00
Butcherquip
VLEKVRYE STAALTAFEL
1.2m R2 295.00
1.8m R2 985.00
2.4m R3 195.00
KLEINHANDEL-SKAAL 15KG
R590.00
ELEKTRONIESE PORSIESKAAL 30KG X 1G
R1 000.00
KARKASSKAAL
Staander nie ingesluit
R12 995.00
SPITBRAAI & OONDROOSTER
R9 130.00
RYGBRAAI & OONDROOSTER
R6 950.00
Ons het alle tipes slaghuistoerusting in voorraad.
Foto's is vir illustrasiedoeleindes alleenlik. Pryse onderhewig aan veranderinge sonder kennisgewing. E&OE


RITON
SEE THE DIFFERENCE
RITON
Lifetime Warranty
• Limited Lifetime Warranty For Traditional Variable Optics
• Two-year Limited Warranty On Electronic, Non-variable Power Optics
GUNS & BOWS
www.gunsbows.co.za



**Die Vortex Venom 5-25x56 is ’n uitstekende teleskoop sonder te veel fieterjasies. Dit is maklik om te gebruik en van goeie kwaliteit.**

# VORTEX VENOM 5-25x56-TELESKOOP




**Die *throw lever* gemonteer op die vergrotingverstelring.**

Vortex-teleskope het ’n baie goeie reputasie in Suidelike Afrika vir waarde vir geld, kwaliteit en duursaamheid. SA JAGTER/HUNTER het al verskeie Vortex-produkte getoets en ons was nog nooit teleurgestel nie. Die onderwerp van hierdie toets is die Venom 5-25x56-teleskoop. Twee verskillende kruishaaropsies is vir hierdie teleskoop beskikbaar met die EBR-7C-kruishaar – MOA (*minute of angle*) en MRAD (*milliradian*). Hierdie toetsmodel beskik oor die MOA-kruishaar. Die kruishaar sit in die voorste fokusveld (FFP of *first focal plane*, soos dit in Engels bekendstaan), wat natuurlik beteken die teiken se grootte, gemeet in MOA, bly konstant in verhouding tot die mikmerkies ongeag die vergroting wat gebruik word.

Die teleskoop is 385 mm lank en weeg 992 gram – effe aan die swaar kant, maar hou in gedagte dat dit vir kompetisieskiet gemaak word en dus nie heeldag diens sal doen op jou drageweer nie. Die buitenste lense is met Vortex se ArmorTec-behandeling bedek, wat hulle teen krappe beskerm. Soos die meeste taktiese teleskope deesdae, is die buis 34 mm in deursnee. Die teleskoop beskik oor ’n parallaksverstelling (soos gewoonlik aan die linkerkant van die buis) en is verstelbaar tussen 15 jaart en oneindigheid (*infinity*) met merkies vir 15, 20, 30, 50, 75, 100, 200, 300, 500 en ∞ (simbool vir oneindigheid). Die parallaksverstelknop draai redelik styf maar met konstante wrywing en sal dus nie van die verkose stelling skuif nie.

Elke klikkie skuif die kruishaar met ¼ MOA en ’n totaal van 85 MOA vir beide horisontale en vertikale verstelling is moontlik. Die vertikale verstelknop kan verwyder en dan geherindekseer word (natuurlik nadat die teleskoop op ’n verkose afstand ingestel is) sodat die “0”-merkertjie in die middel van die buis is. Die teleskoop word ook van ’n RevStop-ringetjie voorsien wat dit dan moontlik maak om ’n *zero stop* te stel. Met die *zero stop* kan jy eenvoudig die teleskoop se vertikale verstelring kloksgewys draai totdat dit stop en jy is onmiddellik terug op jou instelafstand se zero. As die RevStop-ringetjie gebruik word, verloor ’n mens natuurlik ’n gedeelte van die volle 85 MOA-verstelveld, maar dit is ’n baie handige eienskap vir wanneer jy deurmekaar raak oor hoe jy aan die teleskoop verstel het en dalk haastig op ’n ander afstand moet skiet. Die




Die horisontale en vertikale verstelknoppe se merkers is maklik om te lees en draai met konstante en duidelik voelbare klikkies.




Die RevStop-ringetjie wat bo-op die verstelknop pas en binne die verstelknophuls pas.

horisontale verstelknop kan ook verwyder en geherindekseer word soos die vertikale knop, maar het nie 'n *zero stop*-funksie nie. Die vergrotingring het merkies vir die 5x-, 6x-, 8x-, 10x-, 15x-, 20x- en 25x-vergrotings en draai ook styf maar konstant. 'n *Throw lever* word saam met die teleskoop verskaf en kan sonder moeite deur die gebruiker opgesit word. Ek het verkies om dit nie op te sit nie, maar omtrent alle kompetisieskuts wat ek al in aksie gesien het, gebruik dit aangesien dit baie tyd bespaar as jy die vergroting wil verstel.

Ek het die teleskoop op my Remington 700 in 6,5 Creedmoor gemonteer en dié kombinasie het uitstekend op die baan gewerk. Ek moes Nosler Trophy Grade-ammunisie toets vir 'n toekomstige toetsverslag en het dit dus gebruik. Ek kan nie enige fout vind met die teleskoop nie. Dit het slegs vier skote geneem om naby aan die kol te kom en ek het sowat 35 skote met die kombinasie geskiet. Teen die laagste vergroting is die kruishaar natuurlik baie fyn, maar dit geld vir alle hoëvergroting-FFP-teleskope. Verstellings op en af was herhaalbaar en akkuraat. Ek het ook 'n "bokstoets" gedoen deur die teleskoop regs, op, links en dan af te stel met 16 klikkies elke keer. (Sien meegaande foto van die amper-reghoek wat die skote gevorm het.) Hou in gedagte dat dit fabrieksammunisie was wat nie eengat-groeperings in my geweer gelewer het nie en dat 'n perfekte vierkant dus nie moontlik is nie. Die teleskoop is maklik om te gebruik en die merkers groot genoeg om binne sekondes die regte een vir die gegewe afstand te kies. Met behulp van Strelok kon ek maklik bepaal hoeveel MOA ek moet opmik op 200-500 meter en het die data gebruik om eers 10 cm- en 20 cm-ghongs op die langer afstande te skiet – dit was eintlik verspot maklik, om die waarheid te sê. Die optiese kwaliteit is van hoogstaande gehalte.

Die teleskoop word verskaf met 'n 3"-sonskerm, verstelknop-oopmaker, duursame eenstuklensklappe van rubber, lenslappie, 2 mm-Allensleutel en die RevStop-ringetjie, soos genoem. Ek kan die Venom 5-25x56 met die grootste vrymoedigheid aanbeveel.

*Die Venom 5-25x56 verkoop vir ongeveer R13 500 en is by die meeste geweerwinkels beskikbaar. Skakel Whylo Distributors by 031-584-8088 om 'n handelaar naby jou op te spoor.*



Die resultaat van die "bokstoets" soos in die artikel beskryf.




Die Venom se kruishaardiagram.

# OOR HONDE EN WILDEMAKOUE

***'n Spanjoel met "skaaphondgene" is makoue se moses.***



**Polka op haar gelukkigste.**

Die skietkaptein (dink grondeienaar – en moenie dwarstrek nie, want jy wil graag weer genooi word) het honde oënskynlik nie mooi verstaan nie. Ook nie die interaksie tussen honde en wildemakoue nie, en nóg minder dat 'n springerspanjoel se agterstewe maar lekker kan woel. Die fênsie Britte vertel hulle spanjoele sit mooi rustig en wag asof hulle bloedfamilie van "optelhonde" is. Jammer, dis my woord vir apporteerhonde. Ek bedoel niks leliks of fieliesagtig daarmee nie. Wie praat in elk geval van "apporteer"? Hy het Polka snaaks begluur en ek moes maar die halsband uithaal. Sy moes stilsit – die kaptein was adamant. Tot die eerste ganse hulle opwagting gemaak het en hy kon sien hoe die klein hondjie 'n wildemakou gaan uitswem en ingesleep het. Miskien het sy hart vermurwe. "Jy kan haar nou maar laat gaan," het hy gemompel.

Heidelberg in die Wes-Kaap lê op die grens tussen nat en droog. Draai jy in die kloof op, al met die Duivenhoksrivier Langeberge se kant toe, kan jy jou maklik misgis met al die koeie en mis en groen weidings en melkstalle. Onderkant die Langeberge is dit nat en meestal groen, 'n plek waar die Skotse Moodies met hulle Melsetterse oorsprong tuis gevoel het. Hulle het nie gehou van die droë vlakte see se kant toe nie. See se kant toe van Heidelberg lê die Vlakte. Pannewêreld, dikwels droog. Dis graan- en volstruiswêreld. 'n Wêreld van skape en klippe en skaaphonde.

Skaaphonde is werkende diere wat hulle kos moet verdien. Elke boer het ten minste een, selfs dikwels sommer 'n spul. Hulle bly eenkant en ry saam op die bakkies, bo-op wat ook al gelaai mag wees. Vol stof, gefokus, nie tyd vir nonsens nie. Fiks, want die skaap is baie en die werk hou nie op nie. Nie soos die hiperaktiewe frisbeevangers in ons voorstedelike parke wat saans saam met baas en nooi op die duvet slaap nie.

'n Ou vertel nou die dag vir my dis die beste tarentaalhonde wat hy nóg gesien het. Ek het my ore gespits. Om tarentale met honde te jag is legendaries moeilik. Die kollektiewe reuk van honderde poelpetaters voor



’n hond laat hom maklik al sy ingedrilde dissipline vergeet. Die kêrel vertel hulle sit eendag in die Karoo in ’n sloot en fluit die skaaphond in ’n wye boog uit agter om die tarentale. En hy kom mooi met hulle aan. Op die fluitjie, dan links, dan regs. As dit lyk of die tarentale wil laat spat, gaan lê die hond. Tot kort duskant die sloot waar die troppie se senuwees hulle begewe en hulle stuk-stuk begin opvlie en maak vir die oorkant van die sloot, netjies oor die manne wat ’n paar laat val. Sommer hier reg by hulle. G’n optelhond was nodig nie. En die skaaphond kom sit mooi netjies hier by hulle in die sloot.

Toe die troppie tot verhaal kom en weer saam begin “bankrot” van eensaamheid, toe ja hulle weer die hond anderkant toe vir ’n tweede bymekaarmaak en oor hulle koppe jaag! Dit was nou vir jou styl, vertel die man brêggerig. Ek glo hom, want ek het altyd gedink Polka het ook iewers in haar voorgeslagte ’n streep skaaphondgene bygewerk. Sy het my dikwels so sit en kyk met ’n skaaphondkyk, as jy verstaan wat ek bedoel.

Tot daai dag, toe wéét ek. Ons het in die kloof langs ’n dammetjie gesit. Dit was ’n mooi dag, met die wêreld vol wildemakoue en geelbekke en kolganse, maar nie een wat lus was vir die karige plassie water agter ons nie. En Polka neuk al weg om met die eendjies te gaan lol, wat sy nie mag nie, want die seisoen is mos toe en ons soek ganse. Ek raas so met haar dat sy met ’n moedelose een-pond-tien-houding so 20 tree of wat voor my in die renosterbossies gaan sit. “Dissie fair nie! Wat maak ons dan hier?” kon ek duidelik op haar bakkies lees.

Met dié kom land daar drie wildemakoue ’n ent verder op in die kloof, ’n goeie 300 tree weg, en verdwyn tussen die bossies. Polka het hulle ook gesien en van haar een boud af haar kop skeefgedraai en gesoebat vir ’n kans. Ons kan tog niks verloor nie, het ek gedink en haar met ’n waai van die hand uitgestuur. Die res was sprokiesmooi.

Sy het hulle gaan opjaag daar waar ’n mens nie meer mooi kon sien nie, dit was so ver. En sy het die nuuskierige voëls netjies teruggebring na haar oubaas toe, al draaiende oor haar kop. Hulle doen dit partykeer, die wildemakoue – die nuuskierigste van al ons watervoëls. Honde trek hulle eerder aan as wat hulle die makoue verja. Toe klop ek twee. En soos Antonie sou sê: “Dit was nie ligte musiek nie, pappa, daai manne was groot!”

Hierdie insident het 13 jaar gelede plaasgevind. Polka is lankal dood, maar ek onthou dit nog soos gister. Ek glo nie sy was enigsins vermakerig oor wat sy vermag het nie. Dit was maar sommerso, asof dit iets heel alledaags was. Sy het aan die groot makoue geruik, gesien haar hulp is nie nodig nie en met belangriker dinge aangegaan. Miskien het haar lyf net gesê: “Ek het jou mos gesê, jy moes my al lankal laat gaan het!”

Sedert daardie dag het ek dit telkemale weer ervaar. Die ou grootvoete is baie nuuskierig en dikwels die eerste om te kom kyk as jy lokkers uitgesit het. Onthou net, jy wat mens is, moet wegkruip. ’n Los hond tussen mense gaan nie werk nie.

Lood in die lug!












# In die HERLAAIKAMER In the RELOADING ROOM

MET/WITH KASSIE KASSELMAN




**Dit is nodig dat elke doppie presies op dieselfde lengte gesny word om te verseker dat die skil tot dieselfde lengte gedoen word, omdat die doppie teen 'n gestelde stop op die skiller gestuit word.**

# DOPVOORBEREIDING VIR KOMPETERENDE SKIET DEEL 2: NEKWAND SKIL

As iemand probeer verbeter op wat hy reeds bereik het, moet hy 'n standaard hê waarteen hy sy eie prestasies kan meet. Ek hou vir die lesers 'n groeperingstandaard voor wat in 1995 daargestel is met 'n geweer wat vir *Benchrest*-skietkompetisies ontwerp is. Dit dien as voorbeeld en die afmetings wat aangetoon word, is nie naastenby vergelykbaar met dié van 'n standaardgeweer of selfs die sogenaamde *varmint*-gewere wat van die rak af gekoop word nie. Wanneer 'n mens die onderstaande bestudeer, sal jy waarskynlik dink dat jy nooit daardie standaard kan bereik met 'n geweer wat vanaf 'n standaardfabrieksgeweer aangepas is nie. As die voorbeeld egter kan bydra tot 'n beter begrip van die faktore wat 'n geweer se akkuraatheid beïnvloed, het ons ver gevorder met ons pogings om ons eie gewere te optimaliseer deur realistiese verwagtinge te stel.

Ons doel is egter nie om die geweer wat hier ter sprake is, te bespreek nie, maar om die beste resultate te verkry met ons eie geweer en ammunisie wat ons self gelaai het deur die beste beskikbare komponente en tegnieke te gebruik. Om dit te vermag, mik ons altyd na daardie magiese enkelgat-groepering wat reg is om na te streef, maar dikwels nie haalbaar is met die toerusting tot ons beskikking nie. Ons moet ons verwagtinge realisties hou. 'n Verdere faktor om in gedagte te hou, is dat standaardgewere nie gebou is om uitstekende akkuraatheid te behou wanneer 'n groot aantal skote opeenvolgend gevuur word nie. Die kalibergrootte, asook die aanwesigheid van 'n knaldemper, het 'n geweldige groot invloed op die loop se temperatuur en die graad van lugspieëling wat ontwikkel. 'n Hoë temperatuur het 'n bepalende invloed op die skootval se konstantheid. Die herlaaier wat ladingontwikkeling doen, moet dus nie oorhaastig wees tussen die vuur van skote nie. Maak seker dat die loop en knaldemper voldoende tussen sarsies kan afkoel om 'n ware beeld van die ammunisie se funksionaliteit te lewer.


Die skiltrein. Die doppie is gemonteer in die dophouer, wat aan die kragdrywer in die boor pas. Die hand-nekskiller is met behulp van 'n mandrel aan die doppie se nek gekoppel, gereed vir die skilproses.

**DOPKEUSE**

Ofskoon die belangrikheid van dopseleksie in die vorige aflewering behandel is, moet ek weer hierby stilstaan. As jy daardie enkelgat-groepering wil najaag, moet jy die regte doppe kies. Dit help nie om oor 'n aantal jare doppe van 'n vervaardiger te versamel en hulle dan deurmekaar te gooi en met die laaiproses te begin nie. Die kanse is goed dat jy erg teleurgestel gaan word. Doppe word in lotnommers geproduseer en hoewel vervaardigers poog om die dimensies presies dieselfde te hou, gebeur dit ongelukkig dat die doppe van lot tot lot kan verskil in volume en die eenvormigheid van wanddiktes, al voldoen die eindproduk aan aanvaarbare toleransieverskille. Selfs die kwaliteit van die materiaal kan wissel. Wanneer jy die beste lading vir jou geweer wil ontwikkel, moet jy dieselfde vervaardiger se doppe binne dieselfde lotnommer gebruik en nie die doppe meng nie. Kom ons kyk wat bereik kan word met doppies wat behoorlik voorberei is en in 'n ernstige kompetisiegeweer geskiet word:




**Die teiken het 'n afmeting van .271 en is 'n tienskoot-, 200-jaart-groepering wat tydens die 1995 IBS-kampioenskap gevuur is.**

*"... The above comes well after case segregation and basic prep transpire. For a rifle with a 0.262" chamber neck (normal 6mm/.243 chamber neck measures .276"), he neck turns the cases to a wall thickness of 0.0093", which goes to 0.0092" after fire forming (bullet used is a 0.2432", not a "6mm"). Case neck on loaded round will measure 0.2618". That's 0.0002" clearance. He'll shoot this case about 40 times with no need for neck sizing, and the case will last about 150 reloads. The neck walls eventually thin with use to 0.0090" and then will be sized with a 0.260 bushing. Fifteen cases last about the life of a barrel, maybe longer."* (Met erkenning aan Lukas Barnard vir die gebruik hiervan.)

**NEKWANDSKIL**

Die skil van die nekwand behels die berekende dunner skil van 'n doppie se nek aan die buitewand om in die geweer te pas en 'n meer eweredige tromp-snelheid en konstante groepering te verkry. Voordat 'n mens blindweg 'n doppie se nek dunner begin skil, moet jy eers kyk of dit nodig is en indien wel, hoeveel afgeskil moet word.

**Doppies word hoofsaaklik om twee redes geskil:**

1. *Om die doppie se nek sodanig te "verdun" dat die gelaaide patroon in 'n pasmaakgeweer se kamer kan pas*. Ter illustrasie hiervan verskaf ek die volgende voorbeeld wat ek onlangs teengekom het: 'n Persoon besit 'n .308 Winchester wat hy by 'n kompetisieskut gekoop het. Hy kry egter aanhoudend sodanige hoë druk dat die slagdoppies uitskiet, selfs al gebruik hy lae ladings en splinternuwe Lapua-doppies. Toe ek die nodige opmetings doen, merk ek dat die geweer se kamernek slegs 0.340" in deursnee meet. Normale .308 Win-fabrieksgewere se kamernek het 'n deursnee van 0.345". Die kliënt se betrokke pakkie Lapua-doppies het 'n gemiddelde wanddikte van ongeveer 0.0157", wat die totale nekdeursnee van die handgelaaide Lapua-patroon tot 0.3394" verhoog. Die industrie se veiligheidsriglyn bepaal dat die doppie minstens .002" moet kan oopmaak. Hierdie geweer se kamernek laat dus die dopnek te min ruimte om genoegsaam uit te sit ten einde die koeël teen veilige druk vry te laat. Druk bou dan op wanneer die skoot gevuur word, »



TROTSE BORGE
iSS INYATHI SPORTING SUPPLIES
FRANKFORD ARSENAL™

» wat dus die maksimum toelaatbare, veilige drukvlak oorskry. Die doppie se nekwanddikte moet in hierdie geval dunner geskil word tot 'n maksimum dikte van .0150". Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat elke herlaaier weet wat die geweer waarvoor hy laai, se interne kamerafmetings is.

2. *Om die nekdikte eweredig rondom die doppie te maak deur die hoë plekke aan die buitekant weg te skil.* Dit word veral gedoen deur herlaaiers wat kompetisiematryse het en bussies *(bushings)* gebruik om hulle doppies te vorm. Die bussie se grootte word bereken soos in vorige aflewerings verduidelik is. Hier moet die herlaaier versigtig wees om die nekwand nie te dun te skil nie, want dan verloor die dopnek die vermoë om die korrekte spanning om die koeël te behou as daar 'n te lang tyd tussen die laaidatum en die skietdatum verloop. 'n Riglyn hier is dat die gelaaide patroon se nekdeursnee nie meer as .006" dunner as die geweer se kamernekdeursnee moet te wees nie en dat die tydverloop vir die behoud van konstante trompsnelheid nie 14 dae nadat die patroon gelaai is, moet oorskry nie. Ek vestig net weer die aandag op die kriteria wanneer doppe gesoek word, naamlik dat die doppies wat die dikste nekwand in hul rou vorm het, altyd 'n beter keuse is.

**HOE OM DIE DOPNEK TE SKIL**

Die eerste stap is om elke doppie skoon te maak, veral die binnekant van die nek, en dit dan met 'n volmaatmatrys te vorm, ongeag of dit splinternuut is en of dit reeds gevuurvorm is. Dit kan nie skade doen om hierna 'n *expander mandrel* ook deur die doppie se nek te druk nie. Die doel hiervan is om die ongelyke gedeeltes van die dopnek buitentoe te druk sodat die nekskiller se lem daardie gedeeltes kan afskil. Hierna moet elke doppie tot die korrekte lengte gesny word met 'n dopsnyer. Nadat die gesnyde doppie se bek binne en buite ontbraam is, is dit gereed om geskil te word. Hiervoor word 'n buitenekskiller gebruik wat gemonteer is of wat jy met die hand vashou. Die nekskiller word volgens die hanteringsinstruksies opgestel sodat die korrekte afmetings volgens die geweer se kamerafmetings op die doppie oorgeplaas kan word. Ek verkies 'n nekskiller wat jy met die hand vashou omdat die dopnek deur die skiller se *mandrel* gestabiliseer word en die doppie nie op 'n rigiede manier vasgehou moet word, wat dalk kan veroorsaak dat die nek deur waggeling misvorm word wanneer dit om die *mandrel* draai nie. Afgesien van die hand-nekskiller verkies ek om die doppie met behulp van kragaandrywing teen 'n eweredige wentelspoed te draai vir 'n beter skilafwerking. As die doppie met die hand gedraai word, is die afwerking van die skiloppervlak soms happerig. 'n Gewone elektriese handboor saam met 'n dophouer en kragaandrywer werk uitstekend.

Om te verhoed dat die doppie se nekwand warm word van die draaiwrywing om die *mandrel*, kan 'n goeie dopsmeermiddel om die *mandrel* aangewend word of snyolie *(cutting oil)* kan gebruik word. Soos die nekwand warmer word, sit die metaal uit en hou die skiller se lem aan met metaal afskil, wat veroorsaak dat die nekwand, nadat dit afgekoel het, dunner is as wat beplan was. 'n Wenk is om die doppie se tolspoed om die *mandrel* baie laag te hou met die eerste skilrondte en dan 'n tweede en derde rondte effens vinniger te doen om 'n beter afwerking van die skiloppervlak te verkry. ('n Skilrondte is wanneer die doppie oor die *mandrel* ingedruk word tot waar die stop gestel is en dan weer uitgetrek word.) Gewoonlik is drie rondtes voldoende om die gewenste afwerking vir die skiloppervlak te verkry. Dit is ook raadsaam om eers 'n oefenlopie met 'n ou doppie te doen voordat jy aan die prima doppe werk.

'n Vraag wat gewoonlik ontstaan, is tot hoe ver die doppie se nek in verhouding met waar die doppie se skouer begin, geskil behoort te word. Ek het geleer dat die skiller se lem tot ongeveer twee tiendes van 'n millimeter (0.2 mm of .008") in die skouer moet insny om ruimte te skep. Daar is twee redes hiervoor: Eerstens skuif 'n nuwe doppie se skouer ongeveer .008" (.2 mm) vorentoe met vuurvorming, wat dan verseker dat die hele nek wel tot die regte dikte afgeskil is. Tweedens verseker die ruimte dat daar plek is vir die sogenaamde *doughnut* om in te beweeg om die gevaar van nekverdikkings te ondervang, veral vir jaggewere en gevuurde doppe. Ek pas dit so toe en dit werk goed vir my. Pas egter op om nie te diep in die skouer in te skil nie, want dit kan veroorsaak dat die doppie se nek afskeur wanneer die skoot geskiet word. Daar is net een manier om die nekskiltegniek van die buitewand te vervolmaak: oefen en nogmaals oefen.

Wees realisties in jou verwagtinge en skiet raak!



**Hierdie doppie is vir 'n standaard-geweerkamer geskil. Net die ongelykhede en hoë (dik) plekke is aan die buitekant weggeskil om die doppie se nekwanddikte eweredig te probeer maak sonder om die wand te dun te skil. Let op dat slegs sowat 70% tot 80% van die buitenekwand raakgeskil word. Die duidelike skilring waar die skiller se lem in die skouer begin insny, is ook opvallend.**



**Hierdie doppie is geskil om in 'n pasmaak-6mm Remington se kamer te pas. Die wanddikte voor dit geskil is, was .149" en is tot .011" geskil. Dit laat toe dat die gelaaide patroon in 'n kamernek met 'n deursnee van .267" kan inpas met 'n veilige speling van .001" vir die uitswel van die dopnek om die koeël ongesteurd los te laat. Let op die gehalte van die verlangde skilafwerking en die diepte wat die skillerlem in die skouer ingesny het.**

# ON SALE NOW!

At all major magazine retailers







## *MAGNUM'S* FIRST-EVER KNIFE & HUNTING GUIDE

Learn about the Top Biltong Species most favoured by meat hunters.

Five Knives to Know About

Are **Custom Knives** Worth it?

Dangerous Game **Know-How**

*Magnum* is Africa's leading magazine for hunters and shooters. Each edition is packed with exciting reads, ranging from hunting dangerous game to wingshooting, to rifles, shotguns, pistols, reloading cartridges, test reports, and a whole lot more.

## FOR A PRINT SUBSCRIPTION

Email: subs@media24.com
Phone: 087-353-1300 087-353-1333

## FOR A DIGITAL SUBSCRIPTION

Go to Zinio or Magzter and search for Man Magnum

MAN MAGNUM

# JAGTERSMARK • HUNTER'S MARKET

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK | TO ADVERTISE IN HUNTER'S MARKET
Gail Osborne | 084-432-1306 | *gosborne@manmagnum.co.za*



## JAGGELEENTHEDE | HUNTING OPPORTUNITIES

### LASARUS GAME FARM, ALBERTINIA, WESTERN CAPE

A 5-star hunting experience for biltong/trophy, bow/rifle hunting. Full/self-catering. First- time hunters welcome. Also visit our rhino conservancy/white lions.
**082-443-1147**
***info@lasarusgamefarm.co.za***
***www.lasarusgamefarm.co.za***

### SAND SPOOR SAFARIS – THABAZIMBI

Bushveld farm – 220 km from Pretoria. Well-equipped bush camp. Eskom power. Skinners, slaughtering and cooling facilities. Email me for the price list.
***paul@sandspoorhunt.co.za***
***www.sandspoorhunt.co.za***
**Paul Jordaan:**
**083-227-3420**

### KLAWERVLEI AFRICAN HUNTING SAFARIS – TOLWE, LIMPOPO

- Geweer- en boogjag.
- Verskeie spesies wild.
- Selfsorglodge, vier chalets, slaap 19.
- Koelkamer. Swembad.

**Kontak Adriaan:**
**+27-73-338-7234**
**E-pos:**
***klawervlei@webmail.co.za***

### BILTONGJAG IN DIE BEAUFORT-WES-OMGEWING

10 000 ha gemengde veld en tipografie.
22 spesies op plaas en 12 om te jag. Geen minimum getal jagters per groep.
**Eeva Birkner: 082-703-7566**
**of kontak deur web:**
***www.badshoek.co.za***

### LASARUS GAME FARM, MODIMOLLE, LIMPOPO

One-hour drive from Pretoria. A 5-star hunting experience for biltong/trophy, bow/rifle hunting. Full/self-catering. Swimming pool/air-conditioned rooms.
**082-443-1147**
***info@lasarusgamefarm.co.za***
***www.lasarusgamefarm.co.za***

### EZULWINI GAME LODGE

- Family-friendly lodge
- 35 km north of Brits
- Semi-luxurious, self-catering accommodation
- Bushveld farm with various game species
- Prices on request

**Tel: 071-087-4444**
***info@ezulwinigame.co.za***

### LOCAL HUNTING MARBLE HALL/ROEDTAN – DIPHÔFU GAME RANCH

- 1½ hours north of Pretoria,
- We cater for all your Bushveld needs, including trophy and biltong hunting.
- Lodge accommodates 10 people. Self-catering.

**Nicole: 012-346-6305**
***hunting@diphofu.co.za***
***www.diphofuhuntingsafaris.co.za***
***https://www.facebook.com/Diphofu***

### DWARSSPRUIT SAFARIS - BOSVELD

- 45 km vanaf Rustenburg
- Boog-/geweerjag
- Vyf puik skuilings
- 12 Spesies
- Akkommodasie vir tot 18 persone
- Slag- en verkoelingsgeriewe

Pryslys op aanvraag. Kontak:
FB: Dwarsspruit hunting
**E-pos: *pjmostert@mweb.co.za***
**Philip Mostert:**
**083-236-8140**




Springbok- en blesbok-voorsitjag.
Beaufort-Wes.
Jaghuis beskikbaar:
Karoo La Villetta op Facebook.
**Vir verdere besonderhede, skakel 072-148-2012.**
***karooolivescz@gmail.com***

## TE KOOP | FOR SALE






### TE KOOP

Sauer & Sohn .375 met teleskoop, R26 000.
Steyr Mannlicher Luxus .30-06 met Zeiss-teleskoop, R45 000.
Nog byna nuut.
**Skakel Kas: +27-83-756-8874**

### TE KOOP

Browning A-Bolt Medallion .338 WM in baie goeie toestand. Ingesluit: RCBS-matrysstel Lynx 6x40-teleskoop. Doppe: Winchester (nuut) x19, Sako (een maal gevuur) x54. Koeëls: 280 gr Rhino x50, 160 grein Impala x20. Prys: R25 000.
**Skakel Lourens: 083-271-6800**

## DIENSTE | SERVICES

### QUINTIN JORDAAN ATTORNEYS

Firearm licence and firearm appeal applications.
(99% success rate)
All other legal work.
***info@qjattorneys.co.za***
**Phone: 082-805-0674**
**(Pretoria)**

## GESOEK | WANTED

### WANTED

Used cartridge cases *(doppies)*, Reloading dies *(matryse)*, bullets *(koeëls)* and reloading equipment. All common calibres, including 6mm Musgrave (cases) doppies.
**Phone/WhatsApp**
**Trevor: 082-897-6899**




Leica
NEW!
GEOVID PRO
Leica Geovid Pro 42.
The “boost” for your successful hunt.
No matter where you go hunting – forest, mountains, or field – an ethical shot is what counts in the end. Now you can choose more safety, higher precision, and greater ease of use with the new Leica Geovid Pro 42 models. Powerful all-rounders, these compact rangefinder binoculars offer superlative optical performance. The advanced Applied Ballistics® software delivers the exact ballistics solution at the touch of a button, and the superior Class 1 laser ensures precise measurements in just 0.3 seconds.
Models: Geovid Pro 8x32, 10x32, 8x42 (NEW), 10x42 (NEW), 8x56 (NEW)
Discover more – visit your authorized dealer or explore leica-geovid-pro.com
324 M
30 YEARS
LEICA PIONEER OF RANGEFINDING
#truegreatness
tudortech
For more information please contact Ian Hardie:
leicasales@tudortech.co.za | 082 894 1528


VORTEX
START LOOKING FOR A LONGER RANGE.
VENOM®
5-25x56 FFP RIFLESCOPE
Get into the long-distance game faster with a first focal plane optic packed full of shooter-friendly features. A 5-25x magnification range and a 34mm tube give ample power and turret travel, and our exclusive RevStop™ Zero System makes for a fast, easy, reliable return to zero. The included throw lever allows for fast transitions between magnifications, topping off an optic that lets you go deep for less.
☑ FIRST FOCAL PLANE EBR-7C RETICLE
☑ REVSTOP™ ZERO SYSTEM FOR A RELIABLE RETURN TO ZERO
Learn more at VortexOptics.com
VIP WARRANTY™
UNLIMITED.
UNCONDITIONAL.
LIFETIME WARRANTY.
We will repair or replace the product. Absolutely free—no matter the cause.
© 2022 Vortex Optics ® Registered Trademark and ™ Trademark of Vortex Optics